
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

# Stroom-op

3e TERMYN 1980



*V.l.n.r. op die foto verskyn: Sy Edele die Staatspresident, Petré Buys (Hoofmeisie A.H.M.P. 1980) Bernard le Roux (Hoofseun A.H.S. 1980) en Mev. Viljoen.*

# 'N FEESDINEE IN DIE STADSHUIS VAN DIE JAKARANDASTAD

**Om die 60-jarige bestaan van die twee oudste Afrikaanse hoërskole in Transvaal te vier, het die A.H.M. en die A.H.S. 'n feesdinee in die stadsaal van Pretoria gehou.**

Onder die gaste was: Sy Edele die Staatspresident, mnr Marais Viljoen en mev. Marietjie Viljoen en van beide skole: oud-hoofde; oud-hoofprefekte tot en met 1980; die huidige en oud-voorsitters van die Raad van Beheer en die huidige personeel.

Met die aankoms by die stadsaal is ons in die voorportaal met versnaperinge bedien. Die aankoms van die staatspresident is aangekondig en mej. H. A. Holtzhausen en mnr. Marais Viljoen gevolg deur mnr. Roesch en mev. Marietjie Viljoen en ander eregaste, het die stadsaal binnegekom en hulle sitplekke aan die hooftafel ingeneem.

Ds. Henno Cronje was seremoniemeester en het op sy kenmerkende, spontane manier almal baie hartlik welkom geheet. Nellie du Toit – oud-Affie en bekende operasangeres – het ons met "Reëndag" en "Heimweë" van Le Roux Marais en "Eenvoudige Liedjie" van Gerrit Bonn vergas.

Die feesdinee het begin – 'n vars Haiwaïse vrugtekelkie. Uit die visbuffet was daar te kies en te keur: heel Kaapse salm met salmslaai en sardientjies; kreefkoetse met kammakreef in bognaisous; kaisarskepe met 'n Russiese eierverskeidenheid; forelboog met gerookte forel; reuse Seychelles "clam" skulp met garnale; koningkliptorings en Hollandse haring met swart mossels.

'n Heildronk is op dy edele die staatspresident ingestel en mnr. Roesch het mnr. Marais Viljoen, die gasspreker van die aand, aan die woord gestel. Met 'n boeiende toespraak het mnr. Marais Viljoen nie net teruggekyk op die verlede nie, maar veral die klem op die toekoms van Suid-Afrika gelê – 'n volk wat elke Affie, elke Suid-Afrikaner – nog het.

Deur die loop van die aand het ds. Henno Cronje homself weer eens as 'n uitstekendde seremoniemeester bewys.

Die stadsaal was baie keurig en fyn versier en die atmosfeer was onverbeterlik.

Die vleisbuffet het bestaan uit: heel beessaal met gebraaide beesvleis; reuse kalkoen met paté de foie vulsel – braaikuikens en chilisous; gerookte ham en salamihuise; heel gepekelde beestong, speenvarkies met wynappels; Kaapse geelrysslaai; Transvaalse mengelslaai – Vrystaatse aartappelslaai – en Natalse wortelslaai. Die warm vleisstasie: gesmoorde lendebiefstuk met rooiwyn-sampioensous; hoendervleis met witwynsous; parisiepale aartappeltjies; Spaanse rys en groente in seisoen en menige Affie se val.

Mej. Holtzhausen het die bedankings met haar kenmerkende spitsvondigheid gedoen, waarna sy aan mev. Marietjie Viljoen die eerste sierbord, ter viering van die 60-jarige bestaan van die A.H.M., oorhandig het. Mnr. Roesch het weer 'n paar mansjetknopies ter viering van die 60-jarige bestaan van die A.H.S aan mnr. Marais Viljoen oorhandig.

Dié aand is op 'n koninklike wyse afgerond: reuse Affietorings wat brandend ingedra is met sjokolade roompoffertjies, sprokieskastele met Beierse room- en appeltert; sjerriekoekstruif; roomysterte, swartwoudkoek; aarbeie; vrugteboom; kaas en beskuitjies en koffie.



# MEV. E. DE WET

**Mev. Ena de Wet was verbonde aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool vanaf 1947. Haar bekwaamheid as geskiedenis-onderwyseres het haar vanuit die O.V.S. vooruitgeloop en vir 33 jaar was dit duidelik dat sy hierdie roem waardig was.**

Na die dood van haar eggenoot bly sy steeds verbond aan die personeel en werk met nog groter ywer en toewyding aan haar lewenstaak.

In 'n jaarblad van 1966 skryf mej. H. A. Holtzhausen (hoof A.H.M. S.): "So 'n mooi loopbaan moes bekroon word met bevordering en erkenning, daarom was dit vir almal wat die Afrikaanse Hoër meisieskool ken. 'n dag van vreugde toe mev. De Wet aangestel is as vise-hoof." Sy beklee dan ook hierdie pos waarvan die benaming later verander is na die van Departementshoof Geesteswetenskappe tot en met haar uittrede (nie aftrede nie!) aan die einde van die tweede termyn in 1980.

Haar pragtige loopbaan is dan ook drie keer bekroon met 'n toekenning as die beste geskiedenis onderwyseres.

Voorwaar 'n aanwins uit die Vrystaat.

Stroom-op wens mev. De Wet 'n aangename en welverdiende rus toe en bid vir sterkte en gesondheid asook die nodige krag met die getroue versorging van haar skoonmoeder. Almal, ook die drosters, sal ons eie Sherlock Holmes mis wat met haar speurwerk selfs 'n gedagte aan dros reeds in die kiem gesmoor het.

# 'n Kykie oor die afgelope 4 jaar van Affies

**'n Sakie wat alle Affies altyd op die hart gedruk word, is ons tradisie. Tog wonder 'n mens somtyds of ons tradisie werklik so roemryk is en iets is waarop 'n mens trots kan wees. Die gebeure van drie en vier jaar gelede het selfs die vorige dag, is mos tradisie.**

Gedurig word daar aan ons meegedeel dat Affies nog die top skool in die land is. Volgens my mening moes die "land" eerder "Sunnyside" gewees het. Niemand sal my kan oorreed dat Affies gedurende die laaste vier jaar vooruitgang gemaak het nie. Toegegee, ons het hoogtepunte beleef, maar wat van die oop spasies tussen hulle? Wil u vir my sê dat 'n skool wat vierde in die swemgala, derde in atletiek en wat in ander sportsoorte ook nie in aanmerking kom vir 'n oorwinning nie, die top skool is? Nouliks! Op akademiese gebied het Affies seker tred gehou met die tyd, maar andersins? Dit lyk asof hulle, nie té lank gelede nie, maar besluit het om die knie te buig vir hul teenstanders. Aan die einde van elke jaar word daar gesê dat dit een van die bestes in Affies se geskiedenis was. Hoekom moet dit altyd gesê word? Affies leer naderhand om met die tweede beste tevrede te wees; dit maak mos nie saak nie! Natuurlik moet ons kan verloor, ander skole wil ook graag bo-op die kruin van die golf wees, hulle voel mos net so oor hul verlede as ons.

Graag sou ek die dag wou gesien het dat 'n st. 6-leerling. So 'n paar jaar gelede, voor in die ry by die "snoepies" gaan indruk het. En vandag? Die respek wat daar vir lede van die senior standerds getoon moet word, is beslis nie meer daar nie. Ek sê nie dat die seniors hulle moet hiet en gebied en "rondgooi" nie, maar slegs dat hulle meer na opgesien moet word vir leiding. Hierdie aspek van die skool egter nou daar gelaat.

Oor die afgelope vier jaar of wat het Affies net opvoedkundige vooruitgang geniet. So is daar byvoorbeeld die nuwe Skeikunde-laboratorium en die mediasentrum wat die lig gesien het, terwyl groot planne nog vir die skool voorlê. 'n Aspek wat beslis op 'n hoë noot gehou is, is die skolier – onderwyser verhoudinge. Dit is moontlik 'n punt waarop daar teruggeval word wanneer Affies as dié skool bestempel word, en ek moet toegee, dié goeie punt van Affies oortref al wat ander skool is, buiten miskien sekere privaat inrigtings.

Sukses kan basies met 'n atoom vergelyk word: hoe meer die energie toegedien word hoe groter die kanse op reaksie. Affies, as julle nie meer saam met ander skole wil bo wees nie, hoekom sorg julle nie dat julle jul verbeter nie? Só sal ons mos weer allenig kan bo staan, of hoe?

1981 is beslis in bekwame hande geplaas; help hulle om iets daarvan te maak!

# EXPO '80

**Gedurende die week 30 September – 4 Oktober het hierdie uitstalling by Boy's High plaasgevind.**

Daar was vir elke standerd 'n Natuur-en-Skeikunde afdeling en 'n afdeling vir Biologie waaraan die leerlinge kon deelneem.

Veertig st. 7-leerlinge van die Afrikaanse Hoër Meisieskool het ingeskryf in die afdeling 7B (Biologie-projekte st. 7).

Dit was 'n hele ervaring. Die Dinsdagmiddag het elke dogter haar projek pragtig gaan uitstal. Woensdagmiddag was die beoordeling en elke dogter moes teenwoordig wees om die beoordelaars se vrae i.v.m. haar projek te beantwoord. Vrydagmiddag en die hele Saterdag moes elke deelnemer weer daar wees om die publiek se vrae te beantwoord.

Die projekte was pragtig en van 'n baie hoë standaard. Ongelukkig kon net twee deelnemers per afdeling 'n prys wen. Baie hartlik geluk dus aan Nicolene du Toit met haar tweede prys van R50. Dit is 'n puik prestasie!

Baie geluk en baie dankie ook aan die 39 ander st 7-leerlinge wat hulle skool se naam hoog gehou het.



*Nicolene du Toit st. 7A met haar projek waarmee sy 'n tweede prys van R50 tydens die Expo-80 kompetisie verower het.*

# Junior Rapportryers-Debatskompetisie

**Vanaf Maandag 14 Julie tot Woensdag 16 Julie is die Junior Rapportryers se jaarlikse debatskompetisie by die Goudstadse Onderwyskollege in Johannesburg gehou. Affies se twee verteenwoordigers was Stefan Nell en Roelof du Plessis wat Affies se B-span uitgemaak het. Die B-span het die Pretoria-streek gewen toe hulle teen Menlopark B te staan gekom het. Die onderwerp was "Meisies moet net soos seuns militêre diensplig verrig".**

Die semifinaal vir Transvaal het toe aan die beurt gekom waar Affies een van die 20 skole was. Die semifinale in die ander provinsies was toe alreeds afgehandel.

Alle deelnemers is in die koshuise van die Goudstadse Onderwyskollege gehuisves. Skole soos bv. Nelspruit, Pietersburg, Menlopark, Gerrit Maritz, Tzaneen, Lichtenburg en natuurlik A.H.S. is daar verteenwoordig. Vroeg-vroeg het ons twee manne vir meneer Ferreira raakgeloop wat alles gereël het en wat vir alles verantwoordelik was. Hy't hom werklik goed van sy taak gekwyt. Vroeg die aand het Menlopark se spanlede al gaan slaap terwyl die Affies en die ander manne eers goed kennis gemaak het tot om middernag.

Dinsdag is die meeste debatte afgehandel en Affies was die laaste debat oor die onderwerp net voor middagete. Die onderwerp was: "Onderwys aan Afrikaanse skole voldoen aan die eise van die tyd" Affies moes hierdie stelling opponeer. Elke deelnemer moes bo en behalwe sy toespraak ook 'n kruisverhoorvraag beantwoord asook repliek lewer.

Soos die noodlot dit wou hê, het Roelof en Stéfan te staan gekom teen Menlopark A. Alles het vlot verloop met die toesprake, maar met die repliek het Affies die Menloparkers stukkend gepraat.

Voor die uitslae bekend gemaak is, was dit 'n feit dat Affies Menlopark weer eens onder die stof geloop het en die uitslag was bloot 'n formaliteit, wat getoon het dat Affies die wenners vandié debat was. Ongelukkig was Affies nie een van die twee skole wat deurgedring het na die finaal nie. Nelspruit en Pietersburg het hier die paal gehaal.

Vir ons twee deelnemers was dit 'n wonderlike en leersame ondervinding. Gelukkig is Roelof en Stéfan nog in St. 9 en hulle het volgende jaar nog 'n kans om, wie weet, dalk die landswye kompetisie vir Affies in te palm. Sterkte vir volgende jaar!

# MATRIEKAFSKEID 1980

**Na weke van harde werk, lang krokodiltrane, moedelose sugte maar ook – soos kenmerkend van die Affies – hope pret en plesier het die matrieks van 1980 een van die opwindendste mylpale in hul skoolloopbaan bereik. Die st. 9's het op 27 September 1980 die saal vir hulle in 'n Japanese towerwêreld omskep.**

Ten spyte van triesterige weer en groot modderplasse het die matriekdames fyn en verruklik aan die sy van hul galante metgeselle daar uitgesien.

'n Sprokieswêreld van fyn, tipies Japanese waaiers, plante, poue en helderrooi lanterns het hulle verwelkom.

Nadat Juffrou almal verwelkom het en Petré namens die matrieks tot siens gesê het, het sy en haar metgesel (wat gelukkig lank genoeg was om te sien wat bo haar kop aangaan!) die baan geopen. Kort op hul hakke het die res van die matrieks met vlugvoetige danspassies gevolg.

Tydens die ete wat daarna gevolg het, het die bediensters allermins gebrek aan oefening gehad nie. "Metgeselle" is nou eenmaal daarop uit om verdwaasde bediensters te treiter en aan te hou vra vir nog druiwesap!!

'n Kombinasie van hope verrassings bring ook dikwels 'n probleem of twee mee – hoe om te eet! Affies het gewoonlik nie sulke probleme nie, maar as mens jou chop suey en rys tussen 2 stokkies moet vasknyp en op een of ander wonderbaarlike manier so in jou mond moet kry, kan mens ongeduldig raak. Of hulle nou dié dis met die stokkies moes vaspen of gesofistikeerd met dié instrument moes eet of sommer m.b.v. die porseleinlepel geholpe moes raak, was almal hopelik versadig en gevoed na dié moeilike operasie. Meer as een was seker verlig dat hulle nie hul roomys met stokkies moes eet nie!

Laat ons gou eers 'n draai by die koffiekroeg gaan maak. Die gaskunstenaars – Annalie en Susan – het hul toeskouers met hul ryk gevoelvolle sang aan hul lippe laat hang. Om te voorkom dat die luisteraars se monde die heeltyd oophang, het bediensters almal van koue koeldrank of stomende koffie en watertandversnaperings voorsien.

Kan 'n vrolike kombinasie van opgewonde, uitbundige paartjies, ligvoetige dansers, gepaste versierings, eksotiese disse en meevoerende musiek enigiets anders as 'n onvergeetlike matriekafskeid meegebring het?

# *St. 9 Leierskamp: 8 – 10 Augustus*

**Gedurende die naweek van 8-10 Augustus is daar 'n leierskursus vir albei skole se st. 9's gehou te Hartebeespoort jeugterrein. Dit is gereël deur die bekwame ds. Piet Strauss. Soos almal reeds weet, was dit 'n reuse sukses.**

Nagenoeg 40 seuns en 38 meisies het Vrydag die 8e ongeveer om 16h30 die middag vertrek en het Sondag die 10e teruggekeer. Daar was letterlik net een bus vir al 78 siele en dit het vir skames probleme geskep, terwyl die oorywweriges maar net te bly was. Ewenwel, die rit het goed afgeloop en by die donker terrein het ons afgeklim en is in groepe verdeel. Prominente name soos die Spasse, Doories en Rakas was aan die orde van die dag. Seuns en meisies is natuurlik apart ingedeel (segregasie, apartheid, ens.). Vinnig was die oorspronklike groepe nie meer herkenbaar nie en naamverwisseling is gedoen vir die vale. Alec se opening met skriflesing en gebed was veral treffend (stilte voor die storm).

Hierna het ons die sogenaamde "ysbrekers" gespeel soos bv. ballonslaan, en sak-grys-voor-opponent-jou-kan-raak-spel wat beslis die ys gebreek het, en van toe af was gemengde groepies aan die orde van die dag. 'n Laatnag lesing is ook gehou om almal in 'n slaapbui te kry en ongeveer drie-uur was alles stil en rustig. Sekere ouens het na 'n hewige stryery, op die dak geklim om die Suiderkruis te soek.

Vroeg was almal uit die vere en na ontbyt is begin met lesings oor bv. leierskap, groepsbeslissing en ook die vorm van 'n vergadering. 'n Voorsitter is in elke besprekingsgroep gekies en 'n skynvergadering is toe gehou. "Op 'n punt van orde" is in sekere groepe baie gebruik wat aanleiding gegee het tot voorsitters wat hulle magte misbruik het en ander onskuldiges sommer uit die vergadering geskors het. Spanner is onder andere skuldig bevind!

Tydens middagete is 'n teer puntjie wat vroeër die oggend bespreek is, weer opgehaal toe Werner "another brick in the wall" gespeel het, tot groot vermaak van meeste en tot verdriet van Susan. Na ete het groepies afgewandel rivier toe, ander het vlugbal en sokker gespeel. Garry van Dyk het veral hier beïndruk met sy hoogs leersame en interessante lesing oor die gebruik van toue. Sekere meisies het dit geweldig geniet. Daarna is weer speletjies, tot al die seuns se vermaak, gespeel, bv. geldaangee, lemoen-onder-keel-aangee en pen-onder-neus-aangee. Evan, Karen Elize en Spanner was, soos op die hele kamp, weer laat. Wonder waar het hulle so rondgedrentel?

Braaivleis is toe gehou en dis hier waar nuwe vriendskappe vinnig-vinnig aangeknoop is. René Seegers het toe maar noodgedwonge verdwyn en arme Fluffy Reynecke gaan haal (haar geliefkoosde teddiebeer). Toe is nog 'n paar lesings gehou in verband met die oordrag van opdragte en die uitvoering daarvan. Daarna is twee goeie propagandefilms vertoon, wat deur ander misbruik word om 'n slegte beeld van ons land te skep. Dié twee was vir sekere intellektueles geweldig interessant, maar waarvan die agterste rye nie juis veel gesien het nie. Voor en na die fliek was alles anders want die snerpende koue het die verwydering tussen teenoor gestelde geslagte laat krimp. 'n Vuur is aangesteek om almal in die "regte" stemming te kry.

Parasiete was daar ook – toe Stoffel klaar na die sterre gekyk het, het Roelof, tot almal se verbasing – hom uit die weg geruim om **ook** na die sterre te gaan kyk.

Sondagoggend het die koekspan soos gebruiklik vir die kos gesorg en 'n kerkdiens is gehou waarna intieme sake bespreek is. Veral Esperance het haarself hier baie weerstaanbaar uitgedruk. Hierdie besprekings is ernstig deur almal opgeneem en was baie leersaam.

Middagete is genuttig en die bus is gepak vir die terugrit. Nou was daar egter geen "skames" meer nie en almal het mekaar geken. Die tweesitplekbanke was natuurlik baie gewild! Om 2h1400 was ons terug na 'n baie leersame naweek wat almal vreeslik geniet het.

Aan almal wat dit vir ons gereël het baie dankie vir 'n heerlike naweek!

## KUNSKLUB

AFFIES het vanjaar weer 'n Kunsklub gehad wat byna elke tweede week bymekaar gekom het. Die doel van die klub was (om weer soos in die verlede) met buitengewone kuns te eksperimenteer. Die sukses van die klub was grootliks te danke aan die juniors wat die klub puik bygewoon het.

Dankie aan meneer Deichmann, want sonder sy entoesiasme sou die klub nie moontlik gewees het nie.






# FEESDAG VIR OUD-AFFIES BY DIE MEISIESKOOL

**Na maande se voorbereiding en harde werk, het 'n droom op 20 September bewaarheid geword, toe 1500 Oud-Affies aangekom het by hul ou, geliefde Alma Mater, om weer iets van hul jongmeisietyd terug te vind of te herleef.**

Aan die hoof van al die reëlings het gestaan, mej. Barbara Hönck, een van ons departementshoofde – self 'n oud-Affie op wie ons baie trots is. 'n Mens kan jou voorstel hoeveel navorsing en speurwerk dit kos om 1500 oudleerlinge vanaf die jaar 1925 tot 1979 op te spoor, veral as 'n mens nog dink dat baie van hulle se vanne ook veraner het.

Vanaf die eerste oomblik is daar begin gesels en kuier en daarna was dit byna heeltemal onmoontlik om enigeen se aandag te kry vir items op die program. Dit was net eenvoudig té lekker om te hoor wat al jou maats aangevang het sedert jy hulle laas gesien het.

Nogtans was almal baie diep ontroer deur mej. E. C. Steÿn se toespraak, waardeur ons almal weer opnuut tot die besef gekom het van die goue draad wat lop deur die harte van soveel vrouens wat al eenmal die blou rokkie gedra het.


Daar was soveel bekendes, mense wat met sukses bekroon is in hul loopbane, oud-personeel, oud-lede van die Raad van Beheer. Daar was dames wat in 1925 in matriek was en wat nog in Genl. Piet Joubert se huis skoolgegaan het en nié Latyn in die kombuis gehad het nie. Esmé Euvrard, 'n oud-Hoofprefek was daar en sommer nog 'n hele spul ander oud-Hoofprefekte.

Die belangrikste gebeurtenis van die dag, was dat daar 'n Bond van Oudleerlinge gestig is, waaroor almal baie entoesiasties is. Dit sou jammer wees as na al die gesoek, almal nou net weer verdwyn. Daar word selfs 'n koerantjie beplan waarin ons gereeld nuus van oudleerlinge wil uitruil.

Die hoogtepunt vir almal teenwoordig, was egter Mev. Ina van Schalkwyk en dames van die personeel se toneelstuk, "Elke Hartland het sy Storie". Daarin het elkeen weer 'n stukkie herinnering teruggevind uit haar kindertyd en oor menige wang het daar 'n traan gevloei. 'n Vrou bly maar 'n vrou.

Aan die einde van 'n wonderlike dag was almal weer opnuut trots dat hulle as Afrikanervrouens, kan deelhê aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool se pragtige leuse:

"Ek sien haar wen vir man en seun en broeder, want haar naam is Vrou en Moeder".



*Sien berig onderaan bladsy*

# 1980 – AFFIEJAAR!!

**Die hele jaar lank hou ons nou al kermis, tuinpartye en funksies om die 60-jarige bestaan van die Afrikaanse Hoër Seunsskool en die Afrikaanse Hoër Meisieskool te vier.**

### Stel jou voor:

Mev. Pienaar – lees 'n Archie comic.
Mev. Bolt – sonder haar bewonderaars.
Mev. De Villiers – sonder 'n skoolkoor
Mev. Boardman – sonder proteas
Mev. Diuque – in die vloot.
Mev. Van Schalkwyk – Sonder 'n feesblad
Mej. Bothma – speel 'n feetjie in 'n gr. 1 konsert.
Mev. Louw – sonder haar bordliniaal

Mev. Bierman – in 'n disco
Mev. Du Toit – met blonde hare

Die laaste groot feestelike byeenkoms behalwe die dankdiens, is op 6 September gehou. Dit was in die vorm van 'n kadetparade en die tradisionele Boeresport.

Weke voor die tyd is daar reeds aan albei kante van die straat geoefen en geskaaf.

St. 9's en matrieks aan die Seunskool het deelgeneem aan 'n massaparade. Dit sou die vorm aanneem van 'n opmars, verbymars, en revue orde-mars en 'n afmars.

Onder die bekwame leiding en die motivering van die paradebevelvoerder, die pelotonbevelvoerders en die kompaniebevelvoerderes is die seuns in 'n gedissiplineerde eenheid gevorm.

Al die seuns het die parade baie geniet (ja hoor!!) en daar is uitgesien na die oggend van die 6de September. Ook die dames en leerlinge van die meisieskool het hard gewerk om die masse gimnastiekvertoning en die trompoppies betyds gereed te kry.

Die trompoppies het 'n keer of wat saam met die A.H.S-kadetorkes geoefen en die geesdrif onder die manlike toeskouers was amper oorweldigend.

Die reëlings vir die Boeresport het intussen ook nie agterweë gebly nie, en almal was vuur en vlam om veral die kussinggeveg aan te durf.

Die briljante (??!!) denkvermoë van sekere matieks het veroorsaak dat die kussinggeveg bo-aan die swembad sou plaasvind. Die motivering om nie in die water te val nie, was reeds genoeg om enige teenstander voor te slaan.

Die onderwysers se sokkerspan wat teen die matrieks sou speel, het verskeie kere in die geheim geoefen en vele "trieks" ingewerk in hulle gedugte mondering.

Hulle het voorwaar na 'n indrukwekkende span gelyk met mnr Van der Spuy se "stride", mnr Van der Merwe se spoed en mnr Cilliers se akademiese beredenering van die probleem, hoe kon hulle verloor??

Helaas het 6 September aangebreek en almal was reeds om negeuur gereed om die dag ten volle te geniet. Die gimnastiekvertoning deur die dogters het van hoë gehalte getuig. Die seuns het dit veral baie geniet.

Daarna het die kadetparade voortgegaan. Met die begeleiding van die A.H.S.-kadetorkes het hulle die gehoor vergas op presiese drilwerk. Hulle was veral verheug oor die "halt"! wat op die linkervoet gegee was.

Die direkteur van onderwys, professor Jooste, het die parade geïnspekteer waarna 'n verbymars die gehoor attent gemaak het op die netjiese voorkoms van die ongeveer 200 seuns.

Professor Joose het daarna die aanwesiges toegespreek. Hy het veral gepraat oor die jeug van Suid-Afrika en die werk wat die Afrikaanse Hoër Seuns- en Meisieskool doen.

Na sy kort en kragtige toespraak, het die parade afgemarsjeer en is gevolg deur vertonings deur die trompoppies en die kadetorkes.

Om elfuur het die verrigtinge verskuif na die terrein van die A.H.M. waar 'n tuinparty vir die volwassenes en ouers gehou is.

Die seuns en dogters het verversings op die B-veld ontvang. 'n Tydelike resessie is gehou tot eenuur.

Die Boeresport(s) het toe in alle erns begin.

Die St. 9's het teen die matrieks rugby gespeel. Die aanslag van die St. 9's was te sterk en die matrieks kon nie die "krag hanteer nie". Daarna is die sokkerwedstryd tussen die onderwysers en die matrieks gehou.

Die onderwysers het moedig begin en die matrieks moes net keer. Toe Kloppies egter die bal begin lanseer vanaf die een doelhok na die ander, was die onderwysers se fut uit en hulle moed gebreek.

Die matrieks het met alles wat hulle het, aangeval en die onderwysers moes die knie buig. Al die bladsye uit hulle "trick-boek" is uitgeskeur, en die skeidsregter wou naderhand ook nie meer die telefoon beantwoord nie, want nommer 10 van die matrieks was eenvoudig óral!

Die tradisionele hokkiewedstryd tussen die A.H.S.-matrieks en die A.H.M.-matrieks was die hoogtepunt van die boeresport.

Onder luide applous hetdie dames opgedraf. Die seuns het egter 'n meer gedistingeerde binnekoms gemaak en die hokkiestokke is op seremoniële wyse in ontvangs geneem.

Die dames het aanvanklik te goed begin en 'n paar maal amper punte aangeteken, maar . . . Johan Malan met sy blitsige, vlugvoetige verdediging was egter een te veel vir hulle. Bernard le Roux het ook 'n "reusewedstryd" gespeel en moes glad 'n paar maal stokke omruil.

Buiten 'n paar af ribbes, 'n blou oog of twee en 'n paar gekneusde maermerries het die dames ongeskonde uit die stryd getree. Die seuns se hygende asems en moeë liggame kan slegs toegeskryf word aan die lugdruk en die oormatige vrystelling van adrenalien.

Die dames se geleende Transvaaltruie het nie veel gehelp nie en die seuns het hulle absoluut oorrompel (hokkie, man hokkie!!).

Baie geluk ook aan Johan Havenga (e . . e . . samewerker!) met sy oorwinning in die kussinggeveg. Dit moes voorwaar moed gekos het om bokant daardie water op 'n stomp te sit en wag dat 'n ander ou jou kop afslaan.

Om 7 nm. is die dag se verrigtinge afgesluit met 'n veldfliek. Nadat die film eers onderstebo, toe in die middel, en toe klankloos begin is, het dit darem later beter gegaan.

Al was die film ook onderstebo, sou dit nie vir party mense saak gemaak het nie.

Vele vriendskappe is gesluit, sommiges verstek en 'n paar het uitgemaak gedurende daardie paar ure.

Die weerburo het ons weer eens om die bos gelei en net na nege-uur het 'n storm losgebars. 'n Nuwe rekord is opgestel in die ontruiming van 'n rugbyveld en daar is aangekondig dat die film in die koshuis se studiesaal voortgesit sou word.

Vir die meeste mense was die dag egter verby en die beddens is oral sleg seergemaak.

Weer eens was die Boeresport een van die suksesvolste gebeure van die jaar. Saam met die kadetparade, die gimnastiekvertoning, trompoppies en die kadetorkes, het dit 'n onmisbare en baie genotvolle deel van die 60-jarige feesvieringe tussen ons twee skole gevorm.

"Eenmaal 'n Affie, altyd 'n Affie!!"



# Wat soek die Rugby-Unie op Loftus

**Na aanleiding van die berig getiteld: "Wat soek die rugby-unie op Loftus" van die tweede termyn in Stroom-op, wil ek graag vir Lilèt Burger wys dat haar "wonderplan" ook 'n fout of twee insluit, soos miskien 'n bietjie deurdagtheid.**

Ek aanvaar dat sy met die plan van haar 'n hulpbron of twee gehad het, soos miskien haar teddiebeer of kleinsussie, maar ek is bevrees dit was nie genoeg nie.

In die eerste plek wil ek haar net daarop wys dat Loftus met 'n doel gebou is, reeds lank voordat sy begin dink het aan die verskeie gebruike van 'n stadion en dat die plek ook 'n tradisie het, soos Affies, en dat die stadion ook, toevallig opgerig is deur die Noord-Transvaalse Rugby-Unie, en dat die Unie dan ook geregtig is daarop om iets te soek op Loftus.

Sy meld ook Hillcrest is te ver om te loop en te naby om te ry, maar van waar af is dit gemeet? En dan sê sy die publiek mag dit nie gebruik tydens skoolfunksies nie, en daarom is dit ook ongeskik vir ons gebruik, maar weet sy hoeveel skoolbyeenkomste is daar jaarliks in hierdie ideaal geleë swembad gehou?

Volgens Lilèt Burgers is die strate ook nie toereikend vir verkeer in die oggend en middag nie, maar wie dink sy veroorsaak die verkeersprobleme? Nie die gewone publiek self nie, maar juis die kinders en hulle ouers self en indien haar plan in werking gestel gaan word, gaan dit beteken dat slegs die ouers en kinders en nie eens meer die verkeerspolisie nie, hierdie terrein sal mag gebruik, wat dan dieselfde is as voor haar plan.

Derdens wil ek haar vra waar parkering vir 65 000 kinders en studente vandaan gaan kom as Loftusstadion gepak is vir 'n netbalwedstryd tussen Meisies Hoër en Girls High se O/14 B netbalspanne. Die velde van Boys High, Affies en Pretoria-Oos dien in elke geval as parkeerterrein vir toeskouers by ordentlike byeenkomste.

Dan, wat die pawiljoene aanbetref weet ek nie wat gedoen word met die leë of orige sitplekke nie aangesien 'n maksimum van 35 000 skoliere en studente die byeenkomste mag en kan bywoon, en omdat die pawiljoene bietjie skuins is, gaan die mense sukkel om dit in pluimbalbane of 'n krieketveld te omskep.

Dan wat ek meen een van die 8 foute in haar 4-punt plan is, is die kwessie van beplanning en bespa-ring. Ek weet nie of sy weet wat 'n teater of botaniese tuin is nie, want sy weet beslis nie hoeveel sulke goed kos nie. En dan is daar nog 'n trimpark binne drafafstand van enige iemand in die Oostelike voorstede, wat bloot per toeval die area is waaruit die skole hulle leerlinge trek. Dan is daar ook nog die Maskerteater, die Breytenbachteater en die ongelooflike teaterkompleks net langs Strydomplein in die middestad, en aangesien 'n mens gewoonlik ordentlik aantrek en nie teater toe kan draf nie, vervul die teater in ons behoeftes. Wat snoepwinkels aanbetref, dink ek elke skool het sy eie en nog een sou onnodig wees. Dan weet ek ook nie watter normale skoolkind het al ooit diep en innigliken by sy volle verstand, velang na 'n bankie onder 'n Combretum Apiculalum of te wel bos wilger nie, veral aangesien Austen Roberts en Magnoliadal sommer om die draai van die vier skole is nie.

Dan is daar 'n laaste saak wat my vreeslik naby aan die hart lê. Weet u, mej. Burgers, dat daar iets soos tradisie is? En as u weet, weet u wat dit beteken? Tradisie is 'n gevoel wat ons skoolgebonde maak, dit kweek 'n liefde en trots vir goed wat blywend is. Dink u enige Affie sal 'n deel van Affies wil sien wegraak tussen ander skole? Dink u Boys High is nie trots op hulle gronde nie? Nee wat, u plan maak nie sin nie. En dan, wat gaan u hierdie jeugopvoeding trimteaterbotanieseskool noem? Cilet Burgers-opvoedingssentrum of so iets?

Mej. Brugers ek sou ook graag 'n prys wou gewen het, maar met 'n ordentlike idee. Dink u nog Woman's Lib lewe so lank?


# KULTUURWEEK BY A.H.M.

**Wat 'n voorreg om 'n Affie te wees! Na 'n kultuurweek by A.H.M. waartydens vele kunste en talente onder ons aandag gekom het, voel 'n mens opnuut dankbaar dat jy 'n klein deeltjie kan uitmaak van 'n grootse opvoedkundige inrigting.**

**Die week is ingelui deur 'n musiekaand waaraan musiekleerlinge van die skool se musiekdepartement deelgeneem het. Saam met hul onderwyseresse het hierdie leerlinge 'n genotvolle aand aan ons besorg.**

Daarna het ons 'n drie-in-een aand gehad met 'n Afrikaanse en Engelse eenbedryf asook 'n revue-program. Die knap afrigting van die eenbedrywe het opnuut die behoefte aan 'n eie teater onderstreep. Die revue-program het baie in die smaak van die jonger garde geval en telkens luide applous ontlok.

Die hoogtepunt van hierdie week was natuurlik ons eie verhaal, naamlik: "Elke hartland het sy storie", wat geskryf en afgerig is deur mev. Ina van Schalkwyk en waaraan net personeellede deelgeneem het. Toe hierdie opvoering eers op versoek van die leerlinge en later op spesiale versoek van oud-leerlinge herhaal is, het 'n mens opnuut gevoel dat jou hart en wese verbonde is aan hierdie hartland van jou dat jy soms ontevrede, maar nooit gebelg mag voel en bowenal dat hierdie skool geregtig is op meer as net 'n gedeelte van jou lojaliteit!!



Waar sit 'n nuwe prefek se self-vertroue? In sy "sidies".

## HA-HA!

Twee gammatte sit heel agter in 'n baie vol bus in die Kaap. 'n Jong meisie met baie grimering aan, klim in die bus en het nie plek om te sit nie. Sy bly in die middel staan en hou aan die handvatsels bo haar vas om haar balans te hou. "Japie, moet ons vir haar opstaan, lat sy hie ko sit?" Nei Piet, paintings moet mos hang".

Wat is die definisie van 'n pessimis? Iemand wat links en regs kyk voor hy oor 'n eenrigtingstraat stap.

Waarin slaap 'n Indiërbaba? 'n "Carry cot".

Waarin slaap 'n swart baba? 'n Boikot.

Wat is die definisie van 'n koshuisbrak? 'n Akademikus met 'n groot eetlus.

## FLIEKPARADE

Mev. Scholtz – Silver Dream Racer
Mej. Graupner – The Black Hole
Mev. Bolt – Starting over
Mev. De Villiers – Can't stop the music
Mev. Van Schalkwyk – Fame
Mev. De Vos – Star Trek
Mev. Bierman – Hamlet
Mej. Swart – Black Christ,as
Mej. Holtzhausen – The King and I
Mev. Lucas/Swart/Langley – Beautiful People
Mev. Bauer – Rough Cut
Mej. Bothma – Golden Girl
Mev. Uys – Hopscotch

# REDAKSIONEEL

**In die ooreenstemmende artikel in die eerste termyn se uitgawe, word gepraat van 'n storm wat dreig om los te bars in 1980. Sonder om my gemoedstoestand en die duidelike tekens van die eindeksamen op my gesig, in ag te neem, is dit nog steeds baie maklik om te getuig van die grootste storm in 'n hele paar jaar in Affieland!**

**'n Oppervlakkige Affie (indien enige) sal dalk gekrenk voel oor die feit dat daar hierdie jaar 'n tekort aan Administrteursbekers was. Dis seker waar, maar onthou net, mens kom nie in die hemel met biltong aan nie! (Verskoon dié uitdrukking). Sukses en Administrateursbekers is sinonieme, maar sukses het ook ander sinonieme. Ons het natúúrlik goed gevaar in sport: rugby, krieket en tennis. Ons het 'n fantastiese balans gehandhaaf en ons gaan werk daaraan om sommer binnekort die hoogste sportjie in aldrie te bereik – kyk maar! Die gang van storms is nie presies voorafbepaalbaar nie, hoewel die omvang makliker bepaal word.**

**Dinge wat ons hierdie jaar bereik het, voel ek, het vir Affies baie dieper en blywender betekenis as nét 'n trofee. Hulle is kortliks die verstewigde vriendskapsbande met Girls' en Boys' High wat verwesenlik is in die osbraai, 'n baie verbeterde verhouding met die Meisieskool ná 'n stormagtige 1979, goeie samewerking tussen personeel en leerlinge, 'n hoogs suksesvolle kermis, 'n aangename skoolgees en ook die feit dat die seuns weer die hokkielouere by die meisies gebuit het. Hierbenewens is ook 'n paar geleenthede wat vermelding moet geniet soos weer eens die kermis, die dinee vir oud-hoofseuns en -hoofdogters saam met die Staatspresident, die kadetparade en tuinparty, die boeresport en dankdiens. Een konkrete herinnering aan die sukses van 1980, is die matriekdas wat op sigself spreek van sukses.**

**Dis nie nodig om veel meer te sê om my stelling reg te bewys nie. Gedurende 1980 het ons van die een hoogtepunt na die ander gegaan en ons teleurstellings kan net meehelp om die Affiepad vorentoe te louter. Met die regte benadering sal julle agterkom dat julle troefkaarte in die toekoms onbeperk sal wees!**

**Waar die ou manne nou aan klaarmaak dink, wil ek nog 'n laaste houtjie op die vuur gooi deur die Stroom-op-publiek baie hartlik te bedank vir 'n pragtige jaar en ek wil julle gelukwens. Sedert die eerste verskyning van Stroom-op, was hierdie jaar gekenmerk met die grootste klandisie. Stroom-op raak dalk 'n wesenlike gevaar vir die gewone dagblaaie!**

**Loop padlangs en laat daar lig wees!**

# *Redaksioneel*

*Dit is voorwaar 'n blomjaar gewees! Ons sê dankie dat ons "blommejaar" 'n Affie-cliché kan maak en as hierdie jaar 'n blomjaar was, was hierdie termyn voorwaar 'n lentetuin in Namakwaland.*

*Fees op fees het in die dolle gejaag gevolg en telkens kon die hoof met 'n tevrede glimlag na afloop van 'n funksie terugsit as gelukwensinge van bekende persone ingestroom het. Almal was verstom oor wat A.H.M.P. as skool kon uitrig. Baie dankie aan die hoof en personeel van almal in Affieland. Al het dit soms gelyk of ons u harde werk nie raakgesien het nie, het ons tóg u moeite en verdriet en veral opofferings-toneelstukke oefen dwarsdeur die vakansie – raakgesien en waardeer. Ons alleen vorm nie Affieland nie en ons het nou voorwaar gesien: "Concordia parvae res cresunt, m.a.w. eendrag maak mag.*


*Aan die redaksie vir 1981: Meisies, vasbyt en aanhou! En as die seunsredaksie dreig om julle plat te slaan, onthou wat 'n bekende Romeinse skrywer eendag gesê het: "Divide et impera" – verdeel en heers. Mag julle altyd kop bo ink hou.*

*Ronèlle Meyer*

*(Redaktrise 1980)*

STROOM-OPREDAKSIE 1981 (A.H.M.)

Redaktrise: Elria van Niekerk
Onder-redaktrise: Magda Viljoen
Kultuur: Wilma Little en Mariëtte Naudé
Sport: Hanneke Gagiano en Truda Du Pisanie
Algemeen: Friedi Birkholtz en Annette le Roux
Fotografie: Esprance de Bruin en Elna Strauss
Reklame: Nerene van Rooyen
Standerverteenwoordigers:
St. 7: Petro van Schalkwyk en Mimi Schumann
St. 8: Ronelle Botha en Maria Botha
St. 9: Nerina Read en Cobie Lemmer
St. 10: Sonja Smith en René van Wyngaardt




# Onderhoud met Min. Hendrik Schoeman

**Stroom-op het gaan gesels met Minister Hendrik Schoeman, gewese minister van Landbou en Visserye en tans Minister van Vervoer.**

Hendrik Stefanus Johan Schoeman, gebore op die plaas Witklip namby Delmas, op 11 Junie 1927, is een van die vele bekende en leidende persoonlikhede wat Affies opgelewer het.

Die gesprek het soos volg verloop:

**Stroom-op:** Wat het aanleiding gegee dat u na Affies toe gekom het?

**Min. Schoeman:** "Ek was in die Pretoria-Oos laerskool en toe was ek die enigste laerskoolseun in Affies se koshuis. My pa-hulle wou gehad het ek moes naby my broer wees wat toe alreeds in die hoërskool was."

**Stroom-op:** "Watter vakke het u nie van gehou nie?"

**Min. Schoeman:** "Ek het glad nie van Latyn gehou nie en mnr. Lebofschi het my ses maande verbied om die klas by te woon. Destyds kon jy nog matriek slaag met vyf vakke. In daardie vry periodes het ek my bekende tuin gemaak. Mnr. Le Roux (destydse hoof) het my uitgevang dat ek skoolwater gebruik. Hy het my beveel om die tuin nat te gooi en te bereken hoeveel gallon water ek gebruik. Ek moes toe twee sjielings per duisend gallon water betaal. Buiten die groentetuin het ek nog ander inkomstes gehad. Ek was baljoggie by Loftus totdat hulle die werk vir iemand anders gegee het. Daarna het ek bottels opgetel en aan die Lion Beer winkel in Esselenstraat verkoop. Toe het ek met fietse begin spekuleer want dit was baie skaars in die oorlogtyd. Ek het ou fietse opgeloop, heel gemaak en weer verkoop. Ek het 'n taamlike goeie besigheid gehad want toe ek matrief geskryf het, het ek reeds een duisend twee honderd en ses pond gehad, nie rand nie, maar pond. Toe was ek Amerika toe om daar na die nuutste boerderymetodes te kyk.

**Stroom-op:** "Wat het Affies vir u beteken na matrikulasie?

**Min. Schoeman:** "Wat Affies vir my beteken het, was die tipe onderwysers wat ons gehad het, soos meneer Le Roux, die hoof. Hy was 'n man wat seuns verstaan het. Ek het daar maats gemaak met Gerrit Viljoen (minister) wat in my klas was. Ek was 'n ou wat nie graag wou studeer nie, ek het meer belang gestel in besigheid. Maar om te noem hoe die onderwysers my behandel het? Mnr. Le Roux het my eendag twaalf houe geslaan nadat ek 'n prefek in die winter in die swembad gegooi het."

**Stroom-op:** "Hoekom is u uit die Latynklas gejaag?

**Min. Schoeman:** "Ek het 'n bietjie droog gemaak. Ek het gek geskeer met mnr. Lebofschi en wat wou ek buitendien met Latyn maak as ek eendag gaan boer. Ek het vir hom skewe mond getrek en aanmerkings gemaak tot hy my vir ses maande uit die klas gejaag het. Na 'n maand het hy my gevra om terug te kom, maar ek het geweier, want ek het mos toe my besigheid gehad.

**Stroom-op:** "U het 'n groot sukses met u boerdery gemaak en waaraan sou u u sukses toeskryf?

**Min Schoeman:** "Wel, ek sou sê die motivering wat ek gekry het by die Afrikaanse Hoër Seunskool was een van dat jy moet 'n ding reg doen of jy moet hom los. Die voorbeelde wat ek gekry het van die mense en ook dat ek na Amerika kon gaan om te sien hoe hulle op groot skaal boer, is deel van my sukses. Want in daardie tyd was boerdery nog baie onontwikkeld, maar was dit nie dat ek geld kon maak op skool nie, sou ek nooit Amerika toe kon gaan nie.

**Stroom-op:** Hoe kombineer u die boerdery met u politieke loopbaan.

**Min. Schoeman:** "Kyk, ek het baie goeie bestuurders op my plase. Veertien jaar gelede het ek 'n kiesafdeling gekry en so het ek die politiek betree. Twee jaar later het ek adjunkminister van Landbou geword, en dit het ek baie geniet, want dit was my gebied. In die tyd wat ek in die parlement was, het ek elke naweek my boerdery behartig.

**Stroom-op:** "Waar boer u en waarmee?"

Min. Schoeman: "Ek boer in die distrik Delmas, Nigel, Bethal en Groblersdal. Ek beoefen hoofsaaklik 'n gemengde boerdery."

**Stroom-op:** "Daar's baie menings oor die moderne jeug van vandag. Wat is u mening hieroor?"

**Min. Schoeman:** "Ek kritiseer die mense wat die jeug kritiseer want as ek dink wat ek gedoen het, dan is julle vandag heeltemal te stemmig. Die mense beweeg deesdae te ver weg van die sin vir humor. Om te dink as 'n seun vandag vrugte steel dan is dit 'n kriminele oortreding. Een Sondagmiddag, toe ek en 'n maat van die plaas afkom, was ons honger en het ons Dr Hans se hoenderhen "geleen" en langs die Apies gaan braai en ons lekker dik geëet aan die hoender."

**Stroom-op:** Vir ontspanning ry u glo motorfietse.

**Min. Schoeman:** "Ja dis lekker ontspanning, maar ek dink nie 'n jong seun moet die fietse ry wat ek ry nie."

**Stroom-op:** "Met watter soort fietsy ry u?

**Min. Schoeman:** "Ek het 'n Kawasaki 1100cc; BMW RT 1000cc en 'n Yamaha 1100cc.

**Stroom-op:** "Wat dink u van die vieligheidsaspek"?

**Min. Schoeman:** "In die dorp ry ek baie stadig, maar op 'n oop snelweg ry ek vinnig, maar nooit onverskillig nie.

**Stroom-op:** "Het u dalk enige boodskap vir die Affie van vandag?

**Min. Schoeman:** "Ek kan vir die Affie van vandag sê julle moet hard werk, maar ook julle sin vir humor behou, want ek glo 'n man as hy sê hy is 'n Christen en hy kan nog lag. Julle moet julle nie steur aan die mense wat sê die jeug van vandag versleg nie, maar julle moet hard werk en glo die land het 'n pragtige toekoms. Ek sê nooit die bottel is half leeg nie, maar die bottel is half vol, want ek sien altyd net die positiewe kant van die saak. Hier is wel baie probleme, maar ons oorbeklemtoon die probleme en ons maak die jeug half sinies of pessimisties.

**ALBIE BATES SPORTWINKEL**

**vir al jou sportbenodigdhede**
**VERSKAFFER van alle Affie-drag**
**20% Korting op alle klerasie**
**aan enige Affie!**
**Nou het Albie Bates Mansuitrusters**
**ook geopen.**
**Nedbank Forum**
**Burnettstraat**
**Hatfield**

**Tel. 43-4135**

# KOSHUIS

## KOSHUISMATRIEKAFSKEID

**Die uithanggeleentheid van die jaar vir die Seunskoshuis was hierdie jaar op Saterdagaand die 27ste September.**

Die matrieks het 'n heerlike aandjie in die dieptes van Atlantis saam met Neptunus kom deurbring. Die ou kêreld het eenkant teen die muur gesit met so 'n genoeglike glimlaggie, maar ek is oortuig daarvan dat hy ook maar verlig gesug het toe die aand verby was en die studiesaal nog steeds op sy fondamente gestaan het. 'n Paar vissie het toe nog dronkdronk aan die dak rondgeswaai.

In meer verstaanbare terme beteken die bogenoemde slegs dat dit 'n aand was om te onthou en 'n aand wat óns as matrieks baie geniet het, indien nie méér nie.

Die standerd neges het 'n bietjie weggebreek van die konvensionele idee van 'n bedien-ete en het 'n buffet-ete uitprobeer wat bestaan het uit allerhande soutighede, soethappies, vrugte en kaas waarvan die oroblyfsels nog steeds in koshuiskaste ontdek word. Die matrieks het óók weggebreek en besluit dat die konvensionele idee om uit glase te drink uitgedien is en het derhalwe hulle bola gedrink uit die vele trofeë wat die koshuis reeds verower het.

Langsaan, in die studiesaal, het dinge eintlik vorm aangeneem en moes die standerd neges se visse en seegedroggies net lelik bontstaan om nie in die dansmassa se pad te kom nie. Die gebeure op die dansvloer het mnr. Steyn só beïndruk dat hy dadelik besluit het om 'n stoeiklub in die koshuis te begin . . . onder sy eie bekwame leiding!

Teen die einde van die aand het die eetsaal herinner aan die slagveld by Magersfontein, en was daar tientalle tone wat op langverlof wou gaan, maar een ding is baie seker: Ons het dit baie geniet!

Saam met mnr. Simpson moet die standerd neges werklik gekomplimenteer word. As dít die manier is waarop julle die dinge volgende jaar gaan doen, gaan julle een mylpaal (kilometerpaal) op die ander inryg!

# Koshuisafskeid 18 Oktober 1980

**Swoeg en sweet trane en baie grappies, het daarvoor gesorg dat die 1980 koshuisafskeid vlot verloop het. Tog was dit nie net die standerd 9-meisies wat hard aan die Afskeid gewerk het nie – die Seunskool het ook gehelp Iets wat die meisies natuurlik baie waardeer het.**

Soos gewoonlik het al die matrieks voor die tyd probeer raai wat die tema gaan wees. Hulle spekulasies was soms heeltemal vergesog – sommige het gedink dat die tema "'n Dag in 'n Klooster" is. Hulle was dus baie verbaas toe hulle agterkom dat hulle 'n aandjie in 'n tipiese "Great Gatsby"- styl van die twintigerjare gaan deurbring.

'n Pienk geverfde trapfiets, 'n outydse motor, kerslig, twee wit duiwe en die dekor op die grasperk voor die eetsaal het almal verwonderd laat staar.


Die Chicory Cha-Cha Waltz-mallows het na 'n heerlike ete almal in die regte stemming vir 'n cha-cha, 'n wals, 'n sakkie-sakkie en dan natuurlik die Affie-vastrap gebring.

Selfs die 'sjampanjeborreltjies' het na 'n lang swerftog op die dansvloer beland – selfs hulle kon nie positief bly nadat die eerste klanke die steamers getref het nie. Die vrugtepons en druiwesap het verder daartoe bygedra dat almal "lekka deur die streamers was".

Die foto's wat in op en langs Tin Pan Alley se pienk motor geneem is, het vir groot opwinding gesorg én getoon dat alle koshuis neges en - matrieks baie fotogenies is.

Die standerd neges wat alles gereël het, wil almal wat hulle gehelp het, hartlik bedank. Die harde werk wat met die 1980 Koshuisafskeid gepaard gegaan het, het verseker dat "Great Gatsby, 1980" nog lank in Affieland onthou sal word.

# Die ou manne in die koshuis



## *BYBELKRINGE – 'N DEURBRAAK IN DIE KOSHUIS!*

**'n Kwade dag het in 1977 vir die Seunskoshuis aangebreek toe georganiseerde CSV-kringe ten einde geloop het, aangesien daar besef is dat die belangstelling ontbreek. Ek laat sak my hoof in skaamte om dit op skrif te stel, maar ons vlug nie vir die waarheid nie!**

By verdere pogings om 'n liggie brandende te hou, het daar ook weer 'n wind opgekom, maar onderlangs was beslis iets aan die broei. Aan die einde van die eerste termyn is daar weer begin om vrywillige Bybelkringe te organiseer op Donderdagaande. Eindelik – begin tweede termyn – het die wiel begin draai en het Bybelkringe momentum begin opmaak.

Die "nuwe" ontwikkeling wat nooit moes doodloop nie, staan in 'n nuwe gestalte in sy kinderskoene. Belangstelling is nog beperk, maar Christus sal sorg vir vooruitgang en as elke lid 'n Daadchristen word, is sukses onafwendbaar.

Dié hoogtepunt van die jaar was die kamp wat gereël is vir die Seuns- en Meisieskoshuis by die Elim-kampterrein naby Brits vanaf 12 tot 14 September. Hoewel ekself nie die hele kamp bygewoon het nie, was dié gedeelte wat ek daar was, absoluut onvergeetlik en opnuut 'n ontmoeting met God! Jammer tog dat die tyd so beperk was, want dit het meegebring dat slaaptyd sleg tweede gekom het, met die gevolg dat die Maandag se Literature-toets dieselfde neiging getoon het. Dit was egter meer as driekeer die moeite werd om nuwe vriende in Christus te ontdek en saam met hulle 'n baie aangename naweek deur te bring – by die swembad, op die speelveld, tydens praatjies, in die fliek, om die vuur – sommer orals!

Asof die tyd vir partytjies nie uitgeloop was nie, is 'n reuses afsluiting op Dinsdag 14 Oktober by die Meisieskoshuis gehou en was kos beslis nie die skaars item nie. Aangesien ons so lekker saamgesing het, kon ons nie betyds klaarkry nie, maar dit is nie die ergste nie.

'n Nuwe begin is nou geskep vir 'n koshuisaktiwiteit wat eintlik baie meer spontaan moet verloop, maar ek is bereid om te aanvaar dat die Bybelkringe volgende jaar en in die toekoms sal groei as elkeen net die vrymoedigheid sal neem om in te skakel.

Ons groot dank gaan aan ds. Pieter Strauss, die inisieerder, en sy getroue helpers en ons groter dank aan God wat ons die geleenthede skenk!

# Koshuislewe

**Dis moeilik om presies te sê hoe dit in 'n koshuis is. Somtyds 'n fees, veral as almal saamstaan en saam baklei vir dit wat ons vas glo is reg. Oor die algemeen kan "koshuis" as volg gedefinieer word; 'n klomp kinders wat, oor die algemeen, nooit betyds is vir enige iets nie behalwe miskien vir teepouse.**

'n Koshuiskind word oor die algmeen beskou as 'n onhebbelike, uiters onmoontlike, bo-natuurlike stout kreatuur! Hoeveel daarvan waar is, sal net 'n kind kan raai. Demokrasie is nie die maklikste ding om deur te voer nie, daarom is die "yserehand" in die koshuis redelik ysterig!

Ek veronderstel dit is somtyds nodig, maar wat van die ander kere?

Genoeg van morbiede gedagtes vir een dag of hoe? Hier is 'n paar stellings om te bewys dat 'n koshuiskind "uniek" is!

1. 'n Koshuiskind het nooit lus om te "swot" nie, alhoewel dit tog dikwels en deeglik gedoen moet word.
2. 'n Koshuiskind luister altyd musiek, hetsy nou voor rustyd, na rustyd, of sommer in rustyd (veral in rystyd!).
3. 'n Koshuiskind is altyd uiters vaardig hetsy gedwonge of nie.
4. 'n Koshuiskind woon alle voorgeskrewe funksies by (gedwonge of nie).
5. 'n Koshuiskind het altyd 'n fantastiese mening en weifel nie om dit te lug nie.
6. 'n Koshuiskind het nie eens 'n knaldemper nie, behalwe in nood of tydens die oordraging van 'n landsgeheim.
7. 'n Koshuiskind vind dit uiters veeleisend om stil te bly, die onderwyseresse is geneig om met my saam te stem.
8. 'n Koshuiskind is nooit omgekrap nie behealwe as haar dienstydperk in die koshuis met 'n naweek verleng is. Selfs dan is sy nie kwaad nie, slegs mildelik ontsteld.
9. 'n Koshuiskind verdedig altyd haar woning, of dit nou Oos- of Weshuis is.
10. 'n Koshuiskind borsel altyd haar tande, gewoonlik meer as een leerling verbonde aan dieselfde wasbak.
11. 'n Koshuiskind steek altyd blomme vir onnies en maats aan, oorsprong? . . . (inligting weerhou).
12. 'n Koshuiskind dra nooit verkeerde kleredrag nie, veral nie Donderdae nie. Ek wonder waarom??

Na al hierdie uiters oortuigende feite kan u nie anders as om te dink dat koshuiskinders uniek is nie. Ek wonder wat laat my dink dat die "onbekende Affie" 'n koshuiskind is?




## Vir na aksie satisfaksie . . . hou 'n tekkie partie

## DIE STUDIESAAL OP 'N VRYDAGAAND

Affies se studiesaal is die lawaaierigste plek denkbaar. Op 'n Vrydagaand voor 'n funksie is dit, indien moontlik, erger. Hoekom weet ek nie, maar kinders, veral meisies, word geïnspireer om te gesels as 'n prefek of 'n onnie vir hulle sê om stil te bly. "'n Plek om te leer". Ek dink dit is wat 'n verklarende woordeboek van die studiesaal sal sê. Op 'n Vrydagaand is dit 'n kruis tussen 'n skoonheidsalon (ons sal maar sê dit sluit haarkappersalon in) 'n ontspanningsaal (vir die wat wil slaap en lees) en 'n . . . Nou weet ek nie wat noem mens 'n plek waar briewe rondvlieg en onnies skree nie. Kom ek noem dit . . . 'n swotsaal, 'n Affies swotsaal!

Susan Pienaar
6B



*Koshuiswurm . . .*


*KOSHUIS*

*Dis 'n skelle geskril*
*dis die koshuis wat tril*
*dis die opstaan klok wat lui.*
*om "gretige" Affies uit die bed te kry.*

*Dis 'n wrede hand wat liggies laat brand,*
*Dis Laura met haar boek,*
*wat alweer foute soek!*

*Dis wekkers wat raas en krane wat blaas,*
*dis 'n Affie wat moeg met haar leerwerkies swoeg.*
*Dis Maandag wat kom,*
*dis 'n Affie wat brom,*
*die dae is lank en die naweke min*
*kan "iemand " nie maar daaroor besin?*

*Dis 'n lewerreuk wat jou vang as jy afstap met die gang, om voor die eetsaal te staan voor jy van honger vergaan.*
*Dis 'n klomp Affies in 'n ry wat betyds hul tandjies skoon wil kry.*
*daar's 'n kam en 'n boek maar die tas is opsoek!*
*Dis 'n Affie wat spring,*
*'n nuwe dag wat begin.*




## UIT DIE DAGBOEK VAN 'N KOSHUISKIND

Daai verpeste klok! Eendag is eendag. Ek sien rêrig nie kans vir vandag nie, sal ek nie maar gou siek word nie? Okay! Ek ontwikkel skielik 'n onverklaarbare maagpyn. Tannie Judeel klik baie simpatiek met haar tong en stuur my summier bed toe. Ek slaap salig vir twee ure, toe begin dit. Eers is ek nie daarvan bewus nie maar stadig dring dit tot my effe benewelde verstand deur. Iemand speel op goeters en vervlaks hard ook!

Die vae geluide word harder en harder totdat ek nie anders kan as om agter te kom dat dit Seuns Hoër se uitmuntende orkes is wat oefen nie. Ek het besonder vinnig herstel.

Die donkerte sluit klam om my, ek voel koue angssweet op my voorhoof uitpers, ek weet dis nou of nooit . . . Dit is nie in 'n strafkamp in Siberië nie, maar amper so erg; dis in die onnies se telefoon.

Dis stil . . . oral sit kinders ewe sedig op 'n hele paar jaar oue stoeltjies en hou stilte. En moet my klere uit die badkamer gaan haal anders word dit geskut en wat dan! Vinnig sluip ek na die bestemming. Die deur kraak stadig oop. Ek wonder waar's daai onnie. In die half-donker sien ek 'n skadu voor my, dankie tog, dink ek, dis net Lena! Afgemete klink die stem op: "Vyf ordemerke . . .".





# 'n Koshuiskind?

**Om 'n koshuiskind te wees, is een ding, maar 'n Affie koshuisbrak . . . veel meer!**

Die nuwe onderwyseres kom die eerste dag voor 140 vreemde gesigte wat jou nuuskierig-opsommend aankyk (so eentjie wonder jy of jy nou geweeg en te lig bevind word!) Maar weldrae is dit bekende gesigte en glo dit as jy wil – selfs geliefde gesigte!

Elkeen van die massa het 'n eie persoonlikheid; 'n eie manier van lief wees. Elk met sy eie manier om 'n sonstraal in die dag te bring.

So beteken elke kind vir elke onderwyseres iets besonders: Mev. Coetzee waardeer elke geskenkie en goeie wens wat aan die "drieling" opgedra word. (Ons hoop net daar is stilte na die storm). Vir mev. de Villiers bring met 'n klokhelder sangstem so 'n warmte om die hart, terwyl al die probleemwiskunde en wetenskap aan Juf. Graubner oorgedra word.

Juf. de Klerk en juf. Potgieter (weshuis) waardeer die opregte belangstelling van die manlike geslag. Juf. Potgieter (ooshuis) beskik oor die luisterende oor en 'n "disprin" wanneer alles verkeerd gaan.

Mev. (moeder) Judeel en die dierbare koshuistannies sorg vir die leë koshuismae en "dokter" Judeel staan altyd reg vir die kwinte en die kwale.

So kom die onderwyseresse agter dat hulle ook beslis nie dieselfde sal wees na die klomp koshuisaffies nie. Want as jy bevoorreg is om 'n Affiekoshuisonnie te wees kry jy . . . . . . Onverwags blommetjies voor jou deur en op die ontbyt tafel, hope glimlaggies en briefies en nogmaals briefies om 'n geleentheid groots te maak en "geen geleentheid" draaglik te maak!

Net 'n Affie-koshuisbrak-onnie

*Verjaarsdagwens*

*"Mag ons, jou kinders, ons oë en harte warm maak by die kers se vlam;*
*Mag jou blomme, ou skool, nog dieper en vuriger blom;*
*Mag elke dag van die môres oor jou so langsaam breek soos windstil bome . . ."*

*Uit: "Elke hartland het sy storie" – I. van Scahlkwyk*

# SKIETSPANNE

**Gedurende 1980 het Affies se skeitspanne 'n hoogtepunt bereik teenoor die vorige jare se prestasies.**

Met die vergroting van die skietbaan was daar geen tyd of plek vir 'n oefening nie. Daar is juis nuwe gewere deur die skool ontvang wat ingestel moes word. In die begin was daar moeilikheid oor wie watter geweer wou gehad het. Die nuwe slotgewere was stram en daar het probleme gekom met die snelvuur. Die prestasies van die ou gewere kon nie behaal word nie.

Op Voortrekkerhoogte het die stram gewere en min oefening hul tol geëis en die gemiddeld was ver onder die van die paar oefeninge. Die koue betonvloere was ook nie van die gemaklikste nie, veral nie na 90 min. op die maag nie. Affies het derde in hulle streek geëindig.

Met die nuwe gewere, 'n puik nuwe skietbaan en met onderwysers wat belangstel, sal dit nie sleutel tot sukses wees aanstaande jaar.

Hartlike dank aan menere Van Staden en Brooks vir al hulle bystand en opofferings: Met sulke onderwysers aan die hoof sal ons sekerlik aanstaande jaar die "CAPRIVI" strook met "GUNSTON" kanonne kan inval.

Tot volgende jaar Affies.

# STRAFSTE TER WÊRELD HARRISMITH BERGWEDLOOP

**Voorbereidings is 'n paar weke voor die tyd getref om die Platberg uit te draf. Donderdag, 9 Oktober 1980, vertrek 8 seuns en 2 meisies van A.H.M.P., asook mnr. Frazer en gesin na Harrismith daar onder in die Vrystaat.**

Met die bymekaarkom die oggend het almal oor die berg wat hulle sal uithardloop gepraat, maar min het almal besef dat die foto van die berg maar net 'n foto was.

Op pad het almal energie gehad om enige iets te doen, selfs om van Pretoria tot in Harrismith te "draf". Ons het die eerste keer gestop net toe ons die grens tussen die twee provinsies oorgesteek het. Daar het ons die kafee-eienaar en eienaresse vertel dat ons "tigers" is, maar min het ons geweet wat op ons wag.

Ons arriveer omtrent 4 nm. in Harrismith by ons kampeerterrein. Nadat ons rondgekyk het of alles pluis is, het ons afgepak. Met alles afgepak, het ons dorp toe vertrek om batterye te koop vir die bandopnemer. In die dorp het ons, ons oor 'n mik gesoek na 'n plek om batterye te koop, maar ons kon glad nie 'n plek vind nie. Maar met meisies soos Ninnie du Toit, het ons gou oor die weg gekom. Sy het een van die omies vasgevat en gevra waar ons batterye kan koop. Hy het ons ewe vriendelik na die O.K. beduie. Selfs ons verwaande stadsjapies was nogal ontnugter om te weet dat Harrismith ook 'n O.K. het. Ons glo mos altyd net ons stadsjapies is gewoond aan die beste.

Die aand om die vuur het 'n Weermagmannetjie ons meer ingelig oor die berg, maar almal het gedink dit is 'n grap. Almal was natuurlik bang vir die mannetjie maar hy het agter "Lue" (J. du Toit) geëindig.

Die aand het vinnig verbygevlieg en mnr Frazer het gesorg dat almal in hulle tente was. Maar twaalfuur die aand het die fees begin toe "glips" (moenie vra wie dit is nie) koesisters en kondensmelk geëet het vir die sogenaamde energie.

Vrydagoggend het toe aangebreek. Met ses ure slaap agter die rug, het ons ontbyt genuttig en na die sogenaamde "malplek" gegaan om die 13 moordende kilomters aan te pak.


Om elfuur het ons by die wegspringplek vergader waar ongeveer 700 atlete soos bye om 'n heuningkoek saamgepak het. Met die moordende pas het ons gou-gou besef dat ons moet versigtig wees. Die eerste 6 kilometers was aangenaam, maar toe het ons begin klim om tot op Platberg te kom. Klim, rus, klim, rus, het jy maar voortgegaan tot bo. Die afdraande, as dit so genoem kan word, was soos 'n afgrond. Die meeste het "So ry die Boere sit-sit so", daar afgegaan tot weer by die wenpaal.

Affies se eerste man by die wenpaal was Pieter van Dyk (38ste), gevolg deur Roelof van Aswegen, Fritz Wasserfall, Johnnie Grösskopf, O'Reilly, ens.

Ninnie du Toit het uitstekend presteer; sy het 3de van al die dames geëindig.

Almal wat saam was het medaljes gekry omdat hulle die wedloop in minder as 1½ uur voltooi het.

Namens die atlete wil ons net die organiseerders bedank vir 'n aangename toer en 'n goeie landloopseisoen.



# *My eerste dag in die koshuis*

**Hemel, dis 'n reuse plek! Ek dink amper ek gaan nogal verdwaal. Die rooi-baksteen gebou lyk nie eintlik baie na ons huis nie, en die wêreld krieoel letterlik met honderde Affies. Ek dink dis wat hulle hulself noem . . . ekskuus ons onsself noem.**

Oral staan bondeltjies kinders, dit raas en vertel oor die vakansie en gaan heeltemal mal. Ek dink ek hoop nie hulle raas elke dag so nie. Ek is in 'n gróóót kamer in een van die geboue, Ooshuis of iets.

Gelukkig is hier nog st. sesse. Ek hoop nie ek lyk so huilerig soos hulle nie. Wanneer sal ek ooit weer huis toe gaan? Dit lyk nie of hulle my sommer al Vrydag sal laat gaan nie! My keel kramp en my stemmetjie raak so minnerig. Hoekom moet ek na die plek toe kom? Almal lyk so groot en oud. "Staderd ses!" Ek kyk verboureerd om, daar is niemand agter my nie . . . "Ja jy, is jy hardhorend of iets?" "Ja juffrou, agge ek bedoel nee juffrou!" Die matriek gaan heerlik aan die lag, sowaar, lyk my die plek is nie heeltemal so erg nie . . .


# Boosmeneer

Vaaltyn is 'n bulletjie wat nie skaam kry vir 'n bord kos nie. Hy wil graag korrespondeer met meisies tussen 15 en 16 wat minstens 'n onderskeiding het vir Huishoudkunde. Hy sal graag wil Frans leer daar die spyskaarte van al sy gunsteling eetplekke in Frans geskryf is. Hy hou van swem en stoei.

# Flink!

**Na afloop van die onlangse matriekafskeid by Meisieshoër begin ek my bedenkinge kry oor die spoed waarteen sekere instansies te werk gaan. Die standerd neges het hulp van 'n sekere organisasie gekry om te help met die oprigting van hulle decor.**

*AND THE NIGHT AFTER . . .*



Ek is gemiddeld tot redelik lelik, met 'n geweldige vaartversnelling. Ek het 'n kar met rooi bekleedsel. In die dag is dit nie so rooi soos my hare nie. Ek het 'n poppie nodig om na rugbywedstryde my hare af te droog, anders gaan dit deurroes. Alhoewel ek baie vinnig hardloop, kan ek nie baie vinnig lees nie, daarom moet die druppeltjies wat in my belangstel tussen 3 en 3½ wees. Hulle moet ook foto's saamstuur (van hulleself).

Dinsdag het twee lorries vol afgeslaande tente en opgevoude tafels met tien manne gate in ons grasperk voor die saal getrap. Die hele dag was hulle druk aan die werk. Net pouse het hulle 'n "ruskansie" geneem (snaaks hoe die koopwyse van meisies by die snoepie kan verander met 'n paar seuns naby!). Die middag was daar darem al 'n net in die saal.

Woensdag was die manne weer daar, die slag net 'n bietjie meer, en toe die dag einde se kant toe staan – het drie tente darem al hulle verskyning gemaak!

Die aantal helpers het steeds vermeerder en Donderdag kon hulle pouse werklik geniet, want al die tente het halfpad gestaan.



Teen Vrydagmiddag het ons begin wonder, maar vier lorries vol werklustige seuns het ons verseker dat die aand goed sal afloop – dit het ook.

Vandag is Woensdag en drie lorries het so teen twaalf-uur met die laaste goed weggery!


'n Bewonderaar











































Bull
HELP BOU
AAN DIE
BULLE













































# A.H.M.P. – 60 JAAR

**Die ontstaan en groei van A.H.M.P. en haar broerskool, A.H.S. is te danke aan twee vriende, ds. Chris Neethling en mnr. Jan Joubert. Op 28 Januarie 1920 is besluit op die definitiewe stigting van 'n Afrikaanse Hoërskool vir Pretoria.**

In die huis van genl. Piet Joubert, Visagiestrat 218, neem die stryd in aanvang met 18 meisies en 26 seuns. Sewe jaar lank was die skool gevestig in 'n woonhuis en waenhuis met die huidige stadsaalterrein as rugbyveld vir die "wilde boertjies". Géén Afrikaanse handboeke, géén sportterrein, géén beskermende wetgewing het die tenger skooltjie help staande bly nie, maar slegs die besieling en idealisme van jong Afrikaners. Al gou was genl. Piet Joubert se huis te klein en sinkklaskamers is opgerig. Selfs dié was egter gou nie meer toereikend nie en die eertydse administrateur van Transvaal, mnr. J. H. Hofmeyr, sê hierdie terrein waar ons skool vandag staan aan ons toe. OP 25 Nov. 1925 is die hoeksteen van ons skool deur genl. Hertzog gelê en op 26 Jan. 1927 word daar na die nuwe skoolgebou in Bondstraat, Clydesdale, verhuis.

Daar was geen saal nie, net 'n paar klaskamers in 'n woeste, leë terrein en boonop het die leerlingtal so aangegroei dat geboue met die Hogere Oosteindschool – waar die seunskool vandag is – geruil moes word. In 1930 het die skool se getalle genoodsaak dat die seuns en dogters moes skei.

Op 22 April 1930 kom die eerste Afrikaanse Hoërskool vir Meisies met Afrikaans as voertaal tot stand – 176 dogters, 11 personeellede en mej. E.M. Verster as die eerste hoof.

Na die 2e Vryheidsoorlog kom Anton van Wouw na S.A. Aangegryp deur die skoonheid en eenvoud van die Boeremeisie skep hy in 1913 sy beroemde beeldjie "Nôientjie van die Onderveld". "Sy staan in eenvoud, haar hande gevou, maar haar gedagtes loop so wyd soos die velde". Die "Boerenooientjie is as embleem vir die eerste Afrikaanse vroueblad, "Die Boervrou" geneem en op 26 Oktober 1932 verleen Mabel Malherbe, die redaktrise, toestemming dat die embleem ook A.H.M.P. gebruik kan word. Die protesoptog van vroue in 1915 wat in roerende stilswye vanaf die Kerkplein na die Uniegeboue gestap het, het Jan Celliers, die volksdigter, diep geraak. Hy dig: "By die Vrouebetoging" en uit die laaste strofe van hierdie volksgedig, kom ons leuse:

"Ek sien haar wen
deur lye net soos Hy;
ek sien haar wen
vir man en seun en broeder . . ."


In samestelling, sowel as kleur tref die wapen deur die harmonie en suiwer eenvoud wat ook simbolies is van die beste in ons volkskarakter: die vryheid van gees, gevoed onder die blou van ons Afrikaanse lug; die sterkte en eenvoud soos geopenbaar in die karakter van die Boerevrou.

Mej. Verster het in 1944 as hoof afgetree – en die stewige fondasie van A.H.M. so bietjie laat wankel deur toe ook in die huwelik te tree.

In 1945 neem mej. E.C. Steijn die leisels oor – klein en fyn, maar 'n besliste krag waarmee rekening gehou moes word. In 1962 is mej. Steijn as lid van die Nasionale Adviserende Onderwysraad benoem en ons het weer 'n nuwe tydvak betree.

In 1964 word mej. A.H. Holtzhauzen ons nuwe hoof – net sewe-en-dertig jaar oud, lank en skraal, hare rooi én volbloed Vrystater. Sy het die Transvalers se harte gewen, die "blou berg" is sy oor – en ons agting en liefde vir haar het nie uitgebly nie.

A.H.M. ons dank jou dat jy die stempel van edel vroulikheid op ons afgedruk het. Gaan steeds van krag tot nuwe krag!



# DIE ROOILETTERDAG: 2 SEPTEMBER

**Die dag breek net soos enige ander Dinsdag, maar daar is een reuse verskil; vandag is "Dinsdag, die 2de September!" Van oral kom die kinders in lenterokke, een slagige, bond massa. Die klasse staan tot oorlopens vol blomme. Onder vele geraas en gesels sit almal af saal toe. Wat gaan vandag gedoen word? Oral fluister en beraadslaag dit. Mev. de Villiers verskyn op die verhoog, ons sing Lenteliedjies dat die dak lig! Die hoof begin verduidelik presies wat die dag behels. Eers gaan ons na ons "Broederskool" waar ons vir hulle ruikertjies aansteek. Die seuns was dit nie te wagte nie en dus heel verbaas. Die prefekte kommandeer ons later almal terug skool toe.**

Ons vergader ewe taserig in ons registerklasse, die onnie maak stil vir Afrika. Uiteindelik het ons gesels ook weggesypel, maar dit het blitsig opgehou toe Juffrou afkondig dat die klaskapteines ons "verrassing" kan kom haal. 'n Dramatiese stilte heers toe die katpeine die groot kartondoos indra. Wat sal dit wees? Seker iets in die lyn van voedsel, of hoe?

Elkeen kry 'n hele pakkie met alle soorte lekkergoeters. Ons kry nog 'n botteljie "Coke" ook. Ek is seker die arme swartman voel asof hy nou nog bottels oopmaak! 'n Salige lang pouse volg . . . Daarna gaan almal af saal toe om die welbekende "Oliver Twist" te gaan sien. "What a perfect day".

# Die Tuinparty

**Die blou en wit gestreepte tent verleen 'n feestelike atmosfeer lank voor daar enige oud-Affie insig was. Stadig begin hulle kom, oor elkeen se gesig staan die onthou duidelik geskrywe, onmiskenbaar word hulle weer Affies en loop selfs 'n effe regopper as Juffrou verby stap. Dit groet en gesels en herken dat dit 'n naarheid is!**

"Die 1957 matrieks moet asb. na die graspek naaste aan die koshuis beweeg". Die dag word 'n onthou dag, 'n dag om vas te hou, om te raam en te bêre. Die gimnaste lewer 'n puik vertoning en menige oud-Affie pik 'n lastige traan weg.

Tee word in die pragtige A.H.M.P. koppies bedien, Juffrou Steyn het 'n pragtige woordjie gesê, kort maar tog sal dit by baie Affies in baie jare wat kom, bly. Die nominasies vir die oudstudente vereniging stroom in, en Juffrou Hönck het mooi bondgestaan om alles te behartig.

Die dag snel byna te vinnig ten einde, almal wil nog vashou aan dit wat mooi was van gister wat vandag so helder blom.

Die gesellige groep verskuif saal toe, daar blyk dit toe dat ons effens te veel Affies en te min stoele het. Die probleem is vinnig opgelos. Die vertoning begin, stadig kelk die skool se geskiedenis oop. Van af "wille boertjies" oor Clidesdale ens. en met 'n wye boog tot by vandag. Die saal se Affies voel hoe die hoogwater so stoot-stoot aan die oë, maar glimlag dapper. Die pragtige toneel is verby en elke oud-Affie kry 'n klein geskenkie. Die harte is nou baie vol en hier en daar verdwyn een stilletjies as die seer te groot word. Die pragtige dag is verby en ons sien mekaar oor sestig jaar ook weer hier!

# RAKA AANHALINGS

Mnr. Marais: " . . . Raka die swart dier: nou't hy oor die sand vir hul plesier gebuitel, soos 'n perd gerol, gegryns, gespring . . .
Mnr. Raath: " . . . O skoonheid van die lyf, jy slaat op uit die aarde soos die rooi vonk uit die vuurskeen spring, wild en jonk . . ."
Mnr. Edwards: " . . . hy ken sy waarde nog half maar en die ver blom nog nie waarheen hy groei en ryk . . ."

Mnr. Cilliers: " . . . en oor sy skouer 'n jong bok gedra waarvan die keel vars uitgeskeer was met 'n hand . . . "
Mnr. Roesch: " . . . hy het êrens deur groot moerasse gekom waar die ryk waters vlakker óm en óm in vuil skuim maal . . ."
Mnr. Frazer: "Soms het hy skielik met 'n blitsklap na 'n groen of 'n goud-blou tor gegryp wat oral pyl, en dit stukkend geknyp in die dor dop, afwesig en dom . . ."
Mnr. Booysen: " . . . en blind was die oë, wit van die waan, van 'n nuwe krag, en 'n nuwe dans . . ."


**Het u geweet:**

George Coetzee se hoogste telling met "space invaders" is 4.
Stefan de Beer staan agter in sy klas se ry as dit gerangskik word van lig na donker.
Mnr. Le Roux is op soek na 'n beer, maar enige iemand wat dink hy is Jopie Adam het die kat aan die stert beet.
Mnr. Cilliers het gevra dat daar nuwe gras om sy klas geplant word, want 'n bok is nie 'n klip nie, en nog minder is hy bygelowig.

### TROFFEL, ALIAS SKRUMPET

Ek is nogal beeldskoon, behalwe vir my oë en my wange. My oë is effens klein, aangesien my skrumpet effens klein is. Boonop het 'n klomp bye my gesteek en my oë het toegeswel. Ek praat omtrent 28% op standaard graad Sotho, maa geniet dit meer om 'n gek van myself te maak. Ek het twee bene en/of arms en ek soek die geselskap van 'n skrumpetjie tussen 6 en 8 jaar. Sy moet asb. nie os of lekkers stuur nie.

### HOEKIE VIR EENSAMES EN VERSTOTELINGE . . .




Is jy op soek na iemand wat soos Robert Redford lyk, soos John Travolta kan lyfswaai, 'n hou slaan wat Gerrie Coetzee op sy neus sal laat kyk en dapperder is as Grensvegter? Pietie is net die man vir jou. Hoekom wag? Skakel Pietie vandag! (Sy nommer is in die geelbladsye onder "Rariteite").

Bellario is 'n uiters aantreklike ou wat die Rooitaal hanteer soos geen ander Boerseun dit kan doen nie. Hy vra korrespondente tussen die ouderdom van 16 en 17 jaar. Alle korrespondensie moet asseblief in Engels gedoen word. Bellario is 'n groot aanhanger van Caesar en lees sy prosastukke (in Latyn) vir ontspanning. So tussen alles deur geniet hy ook nog 'n Shakespeare of twee.

Jaco Venter is 'n ou wat van motorfietse en brandperplankry niks vertel kan word nie. Hy vra meisies tussen 7 en 70 om aan hom te skryf (verkieslik oor motorfietse). Net interessantheidshalwe gee hy sy mates: Bors – 35,75 cm; Bo-arm – 13 cm; Dy – 24,03 cm; Kuit – 24,01 cm. P.s. Hy dra 'n nommer 14½ skoen (305 in hedendaagse terme).



### SPOTTIE



Ek het eendag met my klappers 'n ongeluk gehad en nou is sekere dele van my vol buskruitkolle. My hare het ook geskrik en hulle staan nog steeds verwilderd rond op my betreklik leë brein. Ek kan darem nog vir enige iemand vertel van enige iets ten spyte van my busongeluk, met 'n onverskillige motorfiets. Ek stel belang in 'n paar liggies wat seblief met my moet kontak maak. Hulle moet tussen 4 en 18 wees. Geen rokers en drinkers nie.

### DISCO-WOELIE



Ek is 'n knap geboude, goed gebalanseerde beenrolmeester. Ek hou van mooi hare, mooi skoene en mooi motorfietse of iets. Aangesien ek uit my boomhuis geval het en my rug geknak het, sal ek nie my discoplaatjie oor die dansvloer kan woel nie, maar ek verlang net na geselskap van enige oulike astertjie.

### RAKA


Raka is op soek na 'n ewe mooi vroulike dier om hom in sy nagtelike strooptogte te vergesel.

(Sy hoef nie noodwendig 'n aanhanger van N.P. van Wyk Louw se literêre werke te wees nie).

### KAMARAD

Hier is net die man vir jou. Weens 'n afsku in publisiteit, wil ons nie sy naam openbaar maak nie, maar sy oom is 'n baie belangrike persoon in ons skool. Hy is in st. 9 en ons wil hom dan ook sterkte toewens met sy pogings om sy ideaal te bereik. (Sy ideaal is om volgende jaar in matriek te wees).





"Kazboy" en Barrel is 'n gedugte paar wat na 'n berugte tweeling soek, aangesien hulle al jare saamwoon. Kazboy sê sy meisie moet van Fortran weet om hom met sy R.W. te help. Barrel stel net een voorwaarde: Sy meisie moet hom afrig met hekkies, aangesien sy afrigter Skotland toe gaan. Komaan, al die tweelinge, hier's julle kans!

## ONDERWYSERS SE TOP 20

Mnr. Van Wyk: The air that I breath; Smoke on the water.
Mev. Duvenhage: Crying
Mev. Bester: Money, money.
Mev. Engelbrecht: I'm here again, angel eyes.
Mev. Smith: It's so easy.
Mev. van Zyl: Three times a Lady.
Mev. Vlok: The last farewell.
Mnr. Pretorius: Tiger.
Mnr. Le Roux: Mama's Boy.
Mnr. Bosua (Jnr): To daddy.
Mnr. Bosua (Snr): I won't give up.
Mnr. Edwards: Every face tells a story.
Mnr. Van Rensburg: Master Jack.
Mnr. Marais: They Shoot horses don't they?
Mnr. Van Staden: Midnight dinamo.
Dr.Minnaar: It's a heartache.
Mnr. Simpson: Does your mother know?
Mnr. Schoeman: Sounds of silence.
Mnr. Roesch: What's another year.
Mnr. Brooks: Teddy Bear.
Mnr. Mills: Coward of the county.
Mnr. Booysen: Long haired lover from Liverpool.
Mnr. Horjus: Just another poor boy.
Mnr. Steyn: Greased lightning.
Mnr. Deichman: Little Boy Big man.
Mnr. Van der Spuy: Pinocchio.

## TOP 20

Mej. Holtzhausen: The winner takes it all.
Mev. Senekal: Waterloo
Mej. Pellissier: Walking on the moon
Mev. Bossert: Computer games
Mej. Bothma: D.I.S.C.O.
Mej. Graupner: Space invaders
Mev. De Villiers: Xanadu
Mej. Coetsee: Sandy
Mev. Louw: Magic
Mev. Scholtz: Jolie Jacqueline
Mevv. Bauer en Rhoodie: You will always find me in the kithcen at parties.
Mev. Schoeman: Knights in white satin.
Mev. Gärtner: Heidi
Mev. Nel: We don't need no education.
Mev. du Toit: Mona Liza
Mej. Hönck: Paradise Road
Mev. Ernst: The painter
Mev. de Vos: Fox on the run
Mev. van Niekerk: Can't stop the music
Mev. Maritz: Three times a lady

*PIGLY-WIGLY*

*Wegneem etes*
*Kry by Pigly-Wigly*
*die lekkerste,*
*langste en grootste*
*"footlongs" in*
*Pretoria*
*By Pigly-Wigly*
*Kry jy waarde*
*vir jou geld . . .*
*vra maar enige*
*koshuisleerling!*

## ONDERWYSERESSE SE SÊGOED

Mej. Holtzhausen: "Môre meisies, môre dogters. Hoe lyk die skoene?
Mej. Crous: "Party van julle se punte neig nou al na die breuke toe!"
Mej. Pellisier: "Onderwerp afgehandel. Studeer dit in vir die eksamen."
Mev. Langley: "Dit is 'n basiese beginsel van goeie maniere om stil te lby as iemand anders praat".
Mej. Bothma: "Skoene uit; om die landloopbaan".
Mev. de Villiers: "Kom nou meisies, hou julle 'wits' bymekaar!"
Mev. Bauer: "Hartjie jy moet vinnig werk! Jou lappop gaan sonder 'n been op die uitstalling sit".
Mev. Bierman: "Heavens ladies, you are terribly late!"
Mev. v.d. Hoven: "Julle weet . . . (stilte).
Mev. Louw: "Alweer dieselfde groepie wat uitvee; ek weet wie se huise gaan skoon wees en wie se huise gaan vuil wees".
Mej. Coetsee: "So van die os op die jas . . .".
Mev. Hartman: "Daar is êrens 'n misverstand; met die verstand aan my kant".
Mev. Nel: "Ek kan nie glo dat kinders in 'n senior standerd nog hulle boeke by die his kan vergeet nie!"
Mev. Maritz: "My goodness me, what a rude sigh".
Mev. Scholtz: "Ek doen die byvoorbeeld op die bord".
Mev. Pienaar: "Kind, ek is so kwaad ek weet nie wat om te maak nie!:"
Mev. Schoeman: "Ek gaan vir jou 'n pak slae gee!"
Mev. Du Toit: "Mense, ek wag vir stilte".
Mev. Prinsloo: "Kop julle dit, ouens?

## AFFIE-DROME

Mnr. Roesch: Dat dit altyd, mooi so, goed so en reg so sal wees.
Mnr. Van Wyk: Meer sigare en meer studente.
Mnr. Bezuidenhout: Heraanvulling van grappe.
Mnr. Steyn: Nog meer afperiodes.
Mnr. Van Huyssteen: Om Caeser as nasionale held te verklaar.
Dr Minnaar: Afskaffing van bomfabrieke.
Mnr. Mills: Om 'n maer parabat te wees.
Mev. Engelbrecht: Om 'n "gentleman" in Affies te kry.
Mnr. Edwards: 'n Nuwe motor.
Mnr. Meyer: Dat Cecil moet terugkom.
Mnr. Raath: Om langer in die son te lê.
Mnr. Le Roux: Om meer leerbaadjies te koop.
Mnr. Brooks: Groter "army"-klere.
Mnr. Pretorius: Oom "Joe's Heart" weer op TV te sien.
Mnr. Schoeman: 'n Grafstil saal.
Mnr. Bosua en Seun: Dat die matrieks weer sop moet verkoop.
Mnr. Celliers: 'n Truprojektor wat werk.
Mnr. Booysen: Dat kaalkoppe in die mode moet wees.
Mnr. van Staden: 'n Resiesfiets.
Mnr. v.d. Spuy: Om Pinocchio weer op TV te sien.

# DIE REVUE



**Mev. de Villiers het gewaarsku: "Meisies, ek weet presies hoe dit gaan wees. Voor die vakansie sal almal net mooi ai hulle goedjies agtermekaar hê en na die vakansie gaan julle niks onthou nie. Ek gaan nagmerries kry, snags rondrol en my man van die bed af rits, sodat my huwelik byna op die rotse sal wees. Die dag voor die kleedrepitisie sal die hoofdanseres en solis kom, elkeen met 'n skeet. En die aand met die kleedrepitisie gaan alles moontlik verkeerd loop. Verder gaan dit stortreën sodat almal se grimering smeer. Maar ek weet: op die ou end sal alles tog goed uitwerk!"**

So het dit gebeur. Ure lank van elke middag is opgeoffer en dit het feitlik 'n saak van ontmoontlikheid gevoel om ons geliefde mev. de Villiers tevrede te stel. Sy was 'n senuweewrak. 'n Week voor ons Revue word ons een danseressie siek, maar bleek of nie, kom sy vir die kleedrepetisie. Twee dae voor die tyd kry Ester en Gretha, ons 2 soliste griep. En om alles te kroon strotreën dit toe regtig die dag van die groot Revue!

Maar niks kon die Affies se gees demp nie. Die opgewondenheid in die kleedkamers was byna te "ondraaglik" vir die oor. Uiteindelik het die groot oomblik aangebreek: die gordyne gaan oop en 'n klomp blink Affies begin met "Show Business". Toe val Beatrix se groot hoed oor haar oë en sy beloer net die gehoor so skeef weg onder die rand van die hoed uit. Almal het begin giggel, maar toe Marlene oor haar voete struikel en plat op haar maag val het almal dit uitgeskater. Ons arme koor het maar gesukkel om ons "pose" te hou!

Ag, maar verder het alles beter gegaan. Ester en Gretha het die hele dag in die bed gebly en was reeds taamlik gesond, maar toe Gretha moes opgaan vir haar solo, tref die volgende ongeluk haar: haar rok se ritssluiter gee die gees. Mev. de Villiers het al begin om die inleiding te speel, toe sy skielik oorslaan na 'n stukkie "jazz-interlude". Met 'n "keep calm" het sy ons aangemoedig om die rits te probeer regtoor en dit het gewerk, want na 'n paar minute kan ou Gretha met al die nodige passie vir haar "bok" gaan sing.

En toe, toe ons weer sien, is ons besig met die "grande finale" en al die ure en ure se swoeg en sweet was meteens verby. Sommer net so! maar die hele revue was sommer vet pret en die wat nie gesien het nie het iets gemis.



# A.H.S.-Koor 1980

**Dit het reeds 'n tradisie in Affies geword, om by die jaarlikse kerkafsluiting aan die einde van die matrieks se skoolloopbaan, 'n koor te hê wat sorg vir 'n item of twee.**

In 1980 het mev. Smith besluit dat hierdie tradisie 'n stap verder gevoer kon word.

Daarom is daar reeds aan die begin van die jaar begin om 'n permanente koor op die been te bring.

Gelukkig is daar in Affies so 'n groot aantal seuns met goeie stemme dat die koor nie net 'n ideaal gebly het nie.

Gou was daar 'n horde standerd sesse wat wou kom sing, maar die koor kon net 60 stemme akkommodeer en net die bestes is gekies.

Veral die st. 9's het met ongekende geesdrif opgedaag om hulle veelsydigheid te toon.

Die Pretoriase Afrikaanse Kultuurvereniging het mev. Smith en die koor genader om tydens hulle 50-jarige feesvieringe op te tree.

Die seunskoor het opgetree in die geselskap van bekende kunstenaars soos Sonja Herholdt, Rudi Neitz, die orkes van die S.A.-Leër, die Pretoriase Seun- en Dogterskore en die koor van die Afrikaans Hoër Meisieskool. Die aand was 'n groot sukses en almal het weer met hernude ywer begin werk.

Ons sien daarna uit om die koor te hoor tydens die kerkafsluiting. Hulle het alreeds getoon dat hulle ook as kerkkoor, kan presteer gedurende die dankdiens, gehou op 19 Oktober in die Universiteitsoord kerkgebou.

Weer eens het Affies se trotse tradisie hom nie in die steek gelaat nie en sal die koor weer eens 'n integrale deel van die jaar se afsluiting uitmaak.

### *KOM LAG SAAM*

Mnr. Marais: Leon, jy het 4 albasters in jou sak. Jy verloor 2. Wat het jy in jou sak?
L. Raath: 'n Gaatjie, Meneer.

Mnr. Marais: Ken jy al die 9-maaltafel Silla?
Silla: Ja, meneer
Mnr.: Hoe gaan dit?
Silla: Nee, goed dankie, en met meneer.

Piet: Menner, ek het 'n padda wat kan praat.
Meneer: Nee, nou jok jy weer.
Piet: Is so, toe ek hom vra wat is 10 minus 10, se hy niks.

Baas kom die oggend vroeg in en sien hoe die klerk die tikster soen.
"Is dit waarvoor ek jou betaal?"
"Nee, dit doen ek verniet."

Ek het nie 'n sê in my vakansie nie. My vrou besluit waarheen en my baas wanneer.

Dame: Kan ek die rok in die venster aanpas.
Klerk: Toemaar ons het paskamers.

Dis so warm daar. As 'n hond 'n kat jaag, loop albei.

Mnr. Marais: "In my klas tel jy 'n som driekeer op voordat jy my die antwoord gee".
Volgende dag. Seun: Meneer, ek het die som tien maal opgetel"
Mnr.: "Dis mooi, ek hou van deeglike werk".
Seun: ". . . En hier is my tien antwoorde, meneer.

In Engelse klas waar mnr. Van Staden die klas se kennis wil toets: "What is rabies and how do you treat it?"
Seun: Rabies are Jewish "dominees" and I treat them with respect.

Seun wat vir die eerste keer by 'n balletopvoering kom, het nuuskierig gekyk terwyl die ballerinas op hulle tone ronddans.
"Ma, hoekom kry hulle nie langer meisies nie?"

"Daar word nie tweestukke by die swembad toegelaat nie, Anita"
Anita: "Reg, watter stuk moet ek dan uittrek?"



### *Affies is . . .*

*. . . ontwaking*
*. . . swaar tasse*
*. . . hope huiswerk*
*. . . koorperiodes*
*. . . 'n maat op televisie*
*. . . die bokkie vol verf*
*. . . tuinpartye*
*. . . massagimnastrade*
*. . . 'n snoepie vol toffies*
*. . . blitsdiëte*
*. . . iets baie . . .*
*. . . opwindends*

### SEUNSHOËR LOVE EXPRESSIONS

Darling, you eyes are like pools, mudpools
You're a star my love, a disaster (uitgespreek "disastar")
Darling, you're a moviestar, Lassie!
Your teeth are like rugbyfields, not so big, but so green!
Your teeth are like stars, not sy shiny, but so far apart.
Your laughter is like white wine, dry white wine.

H. Pretorius

# Matriekafskeid 1980

'n Goeie drie weke voor die tyd, terwyl die voorbereidings vir die koshuismatriekafskeid nog volstoom aan die gang was, is al begin met die maak van die decor. Panele is aanmekaar getimmer tot vervelens toe en tydens die lang langnaweek is die eerste onderlaag aangewend. Dit was egter slegs die week voor die afskeid dat ernstige skilderwerk aangepak is. Woensdag is die akademie agterweë gelaat en is die tente opgeslaan en in gereedheid gebring. Intussen moes die Kunsleerlinge en andere wat veel eerder sou wou skoolgaan, lelik bontstaan om die verfwerk naastenby klaar te kry. Donderdag is daar nog druk geskilder en is die dakkies opgerig. Tot vroeg Vrydagoggend is die saalvloer opgeruim. Vrydagoggend is die finale afrondingswerk gedoen, die beligting reggekry en die stoele uitgedra. Die blommerangskikkings is versorg en die biblioteek is in gereedheid gebring.

Vrydagaand – Die kelners het tussen die personeel rondbeweeg en vir elke dame 'n ruiker aangesteek. Geen beserings is egter opgedoen nie, alhoewel Emil so 'n bietjie moeilikheid ondervind het toe hy Mev. Jack van Rensburg se ruiker moes aansteek.

Om kwart oor agt het al die gaste in die saal inbeweeg om die standerd neges se handewerk te besigtig. Chris van der Merwe, seremoniemeester vir die aand, het Bernard gevra om die dansvloer te open. Die orkes, Magnum, het weggeval met 'n wals. 'n Rukkie daarna is die onderwysers uitgenooi om aandete in die biblioteek te gaan nuttig. Te oordeel aan die gelag het hulle die ete en wyn geniet. Ek moet net byvoeg dat die kelners ook van die kos te ete gehad het en dit was onverbeterlik. Jammer daar is nie oop poste vir matrones by die koshuis nie.

Te oordeel aan die feit dat die dansvloer byna altyd vol was en die applous wat die orkes toegeswaai is, kan ons aanneem dat die dansers die orkes se musiek geniet het. Ons is net jammer dat meneer Steyn nie daar was om sy stoeiklublede se vordering te aanskou nie. Om twaalfuur was alles verby.

Ek sal net graag hier 'n paar bedankings wil doen namens die standerd neges: Eerstens, die ouers, wat vir die ete en die versnaperings gesorg het en ook mevv. Maritz en Schoeman wat die blommerangskikkings behartig het, mnr. Bezuidenhout wat vir baie van die organisasie verantwoordelik was en ook die orkes gereël het, al die ander personeellede wat 'n aandeel in die verrigtinge gehad het, die orkes vir puik musiek, al die st. neges wat 'n aandeel in die voorbereidings gehad het, Stoffel vir sy bekwame leiding en laaste, maar beslis nie die minste nie, hulle om wie alles gegaan het, die matrieks vir hulle heelhartige deelname aan die verrigtinge. Hierdie aand sal beslis nog lank onthou word!



# Karen Nel word junior Burgemeesteres

**Brittanje het vir Margaret Thatcher en Affies vir Karen Nel, het mej. Holtzhausen gesê toe Affies al weer geskiedenis gemaak het.**

**Tydens die verkiesing van die Juniorstadsraad van 1980-81 is Karen Nel verkies tot burgemeesteres. Dit was 'n baie groot eer vir Affies aangesien dit die eerste Afrikaanssprekende lid was wat tot die posisie verkies is.**

Jaarliks word daar twee standerd 9-leerlinge van die hoërskole in Pretoria deur hulle mede-leerlinge verkies om op die stadsraad te dien. Karen en Louise van Schalkwyk is gekies.

Die Juniorstadsraad verteenwoordig die jeug van Pretoria. Hulle probeer die gemeenskap verbeter en die omgewing skoon hou. Hulle probeer ook iets aan die jeug se griewe doen.

Die raad word in sewe komitees verdeel nl. vervoer, omgewingsleer, welsyn en finansies, kultuur en jeugsake. Die bestuur word uit die raadslede verkies en bestaan uit die Burgemeester, onder-burgemeesteres, tesourier en sekretaris en ondersekretaris. Die hele raad vergader eenkeer 'n maand en die bestuur elke twee weke.

Karen se boodskap aan die jeug, na haar verkiesing is: "Ek wil my medemens help en nie net hulle posisie begryp nie, maar ook my plek volstaan soos die leuse van my skool. 'Ek sien haar wen", so moet ook ons leuse wees.

Karen voel sy het die prestasie eerstens vir haar ouers en tweedens vir haar skool behaal. Sy is tweetalig en voel dat sy die amp sal kan volstaan met die hulp van haar mede bestuurslede. "Die amp maak my baie meer selfstandig en volwasse, want 'n mens leer om vir jouself te dink. Ek sal egter probeer om die Karen van ouds te bly – maar ek het al klaar 'n bietjie bedaar".

Vir haar en die burgemeester lê daar 'n besige jaar voor waarin hulle baie wil doen. Op die agtiende Oktober hou hulle 'n jeugdag waarby hulle al die jeug van Pretoria wil betrek. Daar word ook ander uitstappies beplan, waarmee hulle beoog om die verhouding tussen die Engels en Afrikaanse kinders te verbeter.

Laastens wil Karen almal net bedank vir al die gelukwensings – en blomme.

# Hokkiewedstryd

**Op die sesde September het die Affies Boeresport gehou. Soos u weet, speel die matrieks dan raak-rugby en sokker teen ander spanne wat hulle self bekwaam genoeg ag om teen die matrieks mee te ding.**

Die hoogtepunt van die dag is egter die jaarlikse aksiebelaaide hokkiewedstryd tussen Meisieshoër en Seunshoër. Die seunsspan, onder aanvoering van die vermaerde hokkiester, Gawie Nel, het hulle deeglik opgewarm en geestelik voorberei vir die wedstryd, soos dit met enige toets hoort. Die meisies self het redelik gespanne voorgekom, maar hulle het die spanning laat afloop op hul opponente se maermerries, met die hokkiestokke as instrumente.

Met 'n gepakte stadion, vol juigende ondersteuners, wat bankvas agter die seunsspan gestaan het, en met die temaliedjie "We are the champions", het die seuns soos gespande snare op die veld gedraf. 'n Mens kon die spanning met 'n mes kloof.

Onmiddellik nadat mnr. Frazer die wedstryd begin het, het die vonke gespat, en ten spyte van aanhoudende meedoënlose aanvalle deur die seuns, het die meisies soos tiere terug geveg, en geveg het hulle beslis. Stadig maar seker het Affies die oorhand gekry en het die meisies die man begin speel. Gelukkig het die rustydfluitjie geblaas en niemand is dood nie.

Met die aanvang van die tweede helfte het die meisies verwoed aangeval, maar manne soos Wickus, Jean en Coenie het met ongelooflike teenaanvalle vorendag gekom, en dit was in dié opvolgoperasies wat 'n paar dames in die slag gebly het. Johan het elke nou en dan vergeet wat die spel se naam was, en dan die meisies geduik, met of sonder die bal. Bernard het hom ook nie sleg van sy taak gewyt nie en dit reggekry om vir Nelmarie Crouse vier keer raak te slaan, dit terwyl sy beweeg het!


Die seuns het aanval na aanval geloods, maar die meisies het met die son van agter die bal uit hul doelhokke gehou. Tot vyftien sekondes voor die eindfluitjie sou blaas, het Jaco Robbertse met al die grasie en ritme wat 'n hokkiespler nodig het, die bal netjies en sekuur, omtrent deur die doelhok geslaan het. Net daarna die eindfluitjie geblaas en duisende handtekeningjagters het die helde bestorm.

Seunshoër 1, Meisieshoër 0.

Hiermee het die seuns weer hul senioriteit op die gebied van sport, en in die besonder hokkie beklemtoon, ten spyte van aantygings uit die Meisieshoërkamp dat die seuns vuil gespeel het.

Baie dankie aan die Meisieskool, dit was lekker om teen julle te speel en te wen, alhoewel ons sonder julle nooit sou gewen het nie, en ook aan mnr. Frazer wat die wedstryd op so 'n professionele manier hanteer het, en ook baie geluk aan Gawie en sy span!





# Massa-Gimnastiek 6 September 1980

**Op Saterdag 6 September, het die twee skole weer eens Affies se sestigste verjaardag gevier. Die Standerd 6-9 dogters het 'n massa-gimnastiek uitvoering gelewer.**

Hoewel ons hard geoefen het, het die pittige sêgoed nie uitgebly nie – hier was dit veral die neges wat almal se lagspiere oefening gegee het. Juffrou Bothma het ons egter ook aangespoor – veral as sy begin dreig het dat ons in pouse óók sal oefen as ons nie die reeks vinnig genoeg na haar sin aanleer nie.

Toe ons die eerste maal met ons spesiale drag geoefen het, het ons eers werklik besef hoekom dit 'n massa-gimnastiek uitvoering genoem word.

Saterdag het sonder te veel ernstige falters gekom en gegaan – selfs die deelneemsters het dit agtergekom. Baie dankie aan mej. Bothma, mevv. Scholtz, Schoeman, Hartman, Lucas en die ander dames vir al hulle hulp en onderskraging – ons het dit werklik geniet, die sonbrand ten spyt!

## *TENNIS*

Vier van ons juniors het Noord-Transvaal teen Wes- en Oos-Transvaal verteenwoordig – René Mentz, Elisma Nortjé Riana Nolte en Sonja du Toit. Ook 'n vyfde, Ina Terra Blanche het vir Noord-Transvaal teen Suid-Transvaal saam met die ander Affies gespeel. Ons is trots op julle en wens julle almal net voorspoed vir die toekoms – wat ek seker is . . . blink is.

Ons wil veral vir juffrou Swart baie dankie sê vir haar puik organisasie van die tennis hierdie jaar. Dit was 'n feesjaar en vir ons almal ook 'n "feeste tennisjaar!" Ek hoop dat julle volgende jaar hierop sal bou en die administrateursbeker terug huis e sal bring!

# ORKESKAMP

**Die jaarlikse kadetorkeskamp het hierdie jaar soos gewoonlik weer plaasgevind op die wildplaas van mnr. en mev. Ted Boezaart gedurende die naweek van 19-21 September. Die doel van die kamp was om ter voorbereiding vir die Noord-Transvaalse Kadetorkeskompetisie, ons musiek te vervolmaak en ons gees op te bou en, laaste, maar nie die minste nie, om 'n tamboermajoor en ondertamboermajoor vir die jaar 1981 te kies.**

Ons het om drie-uur Vrydagmiddag per bus vertrek en het, na 'n voorspoedig reis, ons bestemming ongeveer halfvyf dieselfde middag bereik. By ons aankoms was die gees reeds baie goed, en dit het nog baie verbeter na ons die aand 'n lekker oefening om die kampvuur gehad het.

Saterdagoggend het ons, na 'n aksiebelaaide nag, 'n intensiewe oefening van ongeveer 'n uur lank gehad. Die res van die oggend het ons langs die rivier ontspan. Na 'n genotvolle oggend het ons middagete genuttig en weer vir 'n uur lank geoefen.

Met die oefening agter die rug, het die groot oomblik aangebreek. Die tamboer- en ondertamboermajoor vir aanstaande jaar moes gekies word. Jaco Naudé is as tamboermajoor en Ronnie Meintjies as ondertamboermajoor aangewys. na hulle vuurwarm geborsel is, is die tradisionele blik stroop oor hul koppe uitgestort. Die res van die naweek het hulle die voorreg gehad om die triekseuns van kos en drinkgoed te voorsien.

Sondagmiddag moes ons afskeid neem van die pragtige natuurskoon en luilekker lewe. Die bus het ons ongeveer halfdrie opgelaai en ons het vyfuur in Pretoria aangekom.

Die kamp was baie geslaagd en ons gees sowel as ons musiek was baie beter.

# SKAAK

**Affies het vanjaar weer drie skaakspanne in die liga ingeskryf. Alhoewel die ledetal van die skaakklub afgeneem het, was die spel van hoogstaande gehalte. Die skaakspelers is baie dank verskuldig aan menere Marais en Van der Spuy wat alles in hul vermoë gedoen het om die spel te bevorder. In agname van die afnemende ledetal en aantal onttrekkings as gevolg van ander verpligtinge, het ons besonder goed gevaar.**

In die A-liga wen die eerstespan 4 wedstryde, speel een gelykop en verloor die res. Hulle behaal 'n vierde plek in die liga en kwalifiseer sodoende om volgende jaar weer in die A-liga mee te ding.

In die B-liga wen die tweede span 2 wedstryde, speel 2 gelykop en verloor die res. Dit moet egter in ag geneem word dat dié span teen baie skole se eerstespanne gespeel het.

In die D-liga wen die derde span 3 wedstryde, speel 2 gelykop en verloor die res.

Affies was veral goed verteenwoordig op toernooie wat deur die jaar gehou is. Nie minder nie as agt spelers neem deel aan die Etienne Lewis-Blitstoernooi wat aan die begin van die jaar. Verskeie spelers ding ook mee in die Oude Meesterskaaktoernooi. In die Lubowski-toernooi vir hoërskoolleerlinge word die skool verteenwoordig deur M. Myburgh, B. van Schalkwyk, W. Koen, W. Erasmus en A. Pienaar, waarvan laasgenoemde deurdring na die Etienne Lewis Top Tien-toernooi.

Ons hoop en vertrou steeds dat skaak in Affies in die toekoms groter belangstelling sal geniet.



# TELEVISIEWERK

**Die eerste vraag wat baie mense my altyd vra is: "Hoe voel dit om jouself op die kassie te sien?" "Wel dit is maklik om dit te beantwoord. Ek voel altyd maar half verleë en sien ook altyd my foute uit 'n uiters kritiese oogpunt raak".**

"Nou hoe het dit alles begin"?

Wel ek sing al vanaf my eerste jaar op laerskool. Later jare het ek in drama en die toneelwêreld begin belangstel. Ons het 'n groepie saamgestel en het baie goed in die kunswedstryde gevaar, so goed dat ons na die eerste maand op die planke op uitnodiging in die stadsaal opgetree het. Dit was baie geslaagd en ek het besluit dat ons moontlikhede en potensiaal het om groot hoogtes te bereik. Op daardie stadium het die S.A.U.K. sy eerste programme gebeeldsaai en het ons die geleentheid om op televisie te verskyn met albei hande aangegryp. Al wat ongelukkig of gelukkig vir mý dan daarvan gekom het, was dat ek toe gevra is om te sing. Ons groepie het na my eerste optrede op televisie uitmekaar gespat omdat ek 'n nuwe veld van kuns begin ontgin het, nl. sang, en hulle nie daarmee wou saamgaan nie.

Met my eerste optrede het die regisseuse, Leonora Nel, gesien dat ek nou nie juis een van die skaamste en mees beskeie seuntjies is wat sy in 'n lang tyd gesien het nie, en het sy my gevra om die program "Kraaines" aan te bied (vandaar die bynaam Kraaines").

My eerste optrede voor die kameras was 'n traumatiese gebeurtenis. Om mee te begin: Ek was 'n week voor die tyd siek en het niks gehad om te sing nie, maar na 'n paar repetisies het alles darem goed afgeloop.

Daarna het baie aanbiedinge my te beurt geval, nl. die rol van Dawid in die drama "Dawid en Goliat" vir televisie. Ek het onder meer ook in drie operas vir **Truk** gesing in ondersteunende rolle waaronder "La Boheme" 'n hoogtepunt was.

Daarby was ek seremoniemeester by die Nasionale Kindersorg se jaarlikse funksie by die Staatspresidentswoning. Die eer het my dan ook te beurt geval om die Staatspresident, Sy Edele dr. N. Diederichs, en sy gade te ontmoet. Ek het dié funksie tweejaar agtereenvolgens aangebied.

Eers later het ek verneem dat my naam as pionier in televisiewese, as die eerste kinderaanbieder op T.V. in die Pioniersmuseum in Silverton aangeteken is.

Ek kan na 5 jaar voor die kameras en agter die mikrofoon as vryskut sanger en as Christen net my hoof in dankbaarheid na die hemel rig vir die talente wat die Vader my gegee het.

"Jou grootste ideaal?" vra iemand. "Om die Here, my Vader, met my stem en talente te vereer en Sy Naam en Woord hoog te hou deur my optrede en so 'n diens aan my naaste te lewer".

(Evan Schoombie)

**HATFIELD**
**GOUDSMID & HORLOSIEMAKER**
**DIE WOUDE IS ONS SKEPPERS**
DIE SWEDE LEI ONS HORLOSIE-TEGNICI OP
*DIAMANTE, GOUD, SILWER*
*ONS KOOP EN VERKOOP TEEN BESTE PRYSE*
*KOM KRY GERUS 'N GRATIS KWOTASIE*
*Hatfield Galleries*
*Burnettstr. 1066 HATFIELD*
*TEL: 434207*

# Sportman van die termyn

**Hoeveel matrikulante het nie verlede maand op hete kole gesit terwyl Jean van Rensburg teen Gustav Ludick van Linden Hoërskool gespeel het nie? As gevolg van sy uitstekende spel en op grond van sy vorige prestasies is hy verkies as Sportman van die Termyn.**

Jean van Rensburg is op 30 Oktober 1962 gebore. Op laerskool, Grey Kollege, neem hy deel aan rugby, krieket en tennis. Hy woon in 1976 nog steeds Grey Kollege by, maar kom later in die die jaar na Affies waar hy uitblink in sy tennis.


Sy ouers speel 'n bietjie tennis maar in st. 3 besluit hy om deel te neem aan tennis en sluit by Grey se tennisklub aan. Aanvanklik is hy slegs deur onderwysers afgerig maar in 1976, toe hy na Affies toe kom, het hy afrigting by persone van buite gekry. Jean behoort tans aan die Belgrave Tennisklub en oefen ongeveer 2-3 ure elke dag van die week.

Omdat Jean soveel wedstryde al gewen het, noem ons slegs die hoogtepunte. Hy wen die titels Wes-Rand 18, Wes-Transvaal O/18, Noord-Transvaal O/18, Suid-Transvaal O/18 en die Senior titel van die Arthur Kaplan Uitnodigingstoernooi.

In 1980 word Jean verkies om Suid-Afrika in die buiteland te verteenwoordig. Hy neem deel aan die Italiaanse Junior en Franse Junior Tenniskampioenskappe. Die kleibane in bogenoemde lande het hom egter hoofbrekens besorg omdat hulle soveel stadiger is as ons sementbane. Die grasbane in Brittanje was egter weer baie vinnig toe hy aan die Junior Wimbledonse Tenniskampioenskappe deelgeneem het. Omdat Jean nie gewoond was aan die nuwe baanoppervlaktes nie, het hy nie so goed soos gewoonlik gevaar nie.

Jean voel dat daar baie by Affies vir die bevordering van tennis gedoen word, maar dat 'n voltydse afrigter waardeer sal word om ten minste een keer per week afrigting te doen.

Ons kan net hoop dat Jean nog hoër hoogtes sal bereik en ons wens hom alles van die beste toe vir die toekoms.



# N. TVL-RUGBY

**Moenie julle Affie-kouse of truie aantrek nie is aan ons gesê die dag voor die proewe. Elke speler het in sy hart al gesien hoe hy die Barbertonse Daisy op sy baadjiesak dra. By die eerste proewe het sowat dertien van Affie se spelers deelgeneem en die tweedespan het sewe van hulle spelers proewe toe gestuur.**

Van die begin van die proewe was daar chaos en 'n groot verrassing was toe Jossie nie vir die verdere proewe gekies is nie.

Die spelers het hulle hart uitgespeel en is op vertoning na verdere proewe genooi. Elke proefwedstryd, al was daar geen samespel tussen die spelers nie, het gesorg dat sommiges al hoe meer van die Daisy droom. Uiteindelik is twee finale proefspanne gekies en Stoffel, Alex, Chris en ek is na die proewe genooi. Na goeie wedstryde is aangekondig dat ons eers nog 'n wedstryd moes speel voor die Cravenweekspan gekies sou word en Alex en Chris het die B-span gehaal en ek het die geluk gehad om in die A-span te speel. Alex en Chris het die B-span gehaal en ek het die geluk gehaal om in die A-span te speel. Alex en Chris het 'n baie goeie vertoning gelewer. Ek het egter my gewrig na die eerste vyf minute gebreek en het 'n stil maar pynvolle wedstryd gehad. Ek is meegedeel dat ek Cravenweek toe sou gaan oor twee weke as my gewrig reg was. Die geluk het Chris ook getref om vir die Cravenweekspan gekies te word. Johannes Klopper het saam met my en Chris die paal gehaal toe hy op die laaste nippertjie raakgesien is. Ek het 'n week voor die Cravenweek die gips afgehaal, en siedaar, drie Affies na die Cravenweek.

Op die Cravenweek het Johannes dit ongelukkig getref en harsingskudding opgedoen in sy eerste wedstryd. Chris het op die kantlyn gesit en kyk hoe ons teen 'n baie oppertunistiese Vrystaatspan verloor. Die volgende wedstryd was hy egter weer met ons op die rugbyveld en het goed vertoon in 'n wedstryd teen Zimbabwe waar hy baie swak balle ontvang het. In die laaste wedstryd teen die OP was dit net ek en Johannes wat die Affies verteenwoordig het.

Die Cravenweek was 'n groot sukses en die Affies het hulle goed van hul taak gekwyt.

Met die wedstryde in die derde kwartaal het die groot geluk Alex ook te beurt geval en het hy ook N.Tvl-kleure verwerf.

Voorspoed aan alle Affies wat volgende jaar die Daisy wil dra en wie weet, dalk is daar nog 'n bokkie of drie wat op die manne se borste kan pryk.

## TWEEDE KRIEKETSPAN

**Ons tweede krieketspan het die seisoen op 'n hoë noot afgesit. Hulle het in die eerste liga meegeding om die Uniekwinkelstrofee.**

Die span het homself baie goed van sy taak gekwyt in sy area en onoorwonne uit die styd getree. Goeie boul- en veldwerk was grootliks verantwoordelik vir die goeie vertonings. Goeie spangees was ook 'n goeie kenmerk van die span. Die span het ongelukkig in die semifinaal teen Verwoerdburg verloor. Ons eerstespan sal nou in die finaal teen Verwoerdburg te staan kom. Sterkte aan die eerste span.

Daar word uitgesien na volgende jaar se krieket aangesien net een lid van die span vir matriek is.

Ons wil graag net vir mnr. Hennie van Huyssteen bedank vir dit wat hy vir die span beteken het, vir sy inspirasie en ook vir sy twintig vangkanse na 'n oefening. Ons wil ook vir Bernard bedank vir sy goeie kapteinskap en die voorbeeld wat hy op en van die veld afgestel het.

*(Sien foto regs onder)*

# *0/15 TENNIS*

**Affies het weer sy merk die jaar gemaak deur vyf spanne vir die O/15-liga, is te skryf. Twee spanne het in die A-area gespeel, twee in die B-area en een span in die C-area.**

Die O/15 A-span het skoonskip gemaak en het met spanne van C.R. Swart en Menlopark afgereken, maar moes ongelukkig die knie buig voor die span van Boys High.

Die derde span het in die B-area in die semifinaal teen die 2e span van Menlopark verloor.

Die vyfde span het in die C-area deurgedring tot die finaal, maar het met spelle teen Clapham High verloor.

In die gemengde dubbels het die O/15 A-span die liga gewen en het met Boys High afgereken.

Namens die vyf spanne wil die eerstespan net vir mev. R. Bester baie dankie sê vir die voorraad wat sy vir die spelers gereël het en die middae wat sy opgeoffer het om by die tennis te wees.

## TENNIS: ADMINISTRATEURS-BEKER-FINAAL

**Affies het weer eens die eindstryd bereik! Die hele drama het hom hierdie jaar afgespeel op die tennisstadion te Ellispark in Johannesburg.**


Ons kanse het goed gelyk, maar soos soveel kere te vore het die ongeluk ons weer gery. Nogtans was die tennis van hoogstaande gehalte en het dikwels die toeskouers aan hul naels laat kou.

Die tennisspan verdien werklik 'n luide applous vir 'n moedige poging. Affies se tennis is steeds van die beste in Transvaal wat dit baie hoog op die kruin van Suid-Afrikaanse tennis plaas.

Die neerlaag was nog 'n kooltjie vuur wat 'n groter aansporing laat ontbrand het onder die tennisspelers. Ons sien uit na nog 'n hoogs suksesvolle jaar in tennis. Ons sal altyd streef om weer die kroon te verower. Ons dra ons gelukwense oor aan mnr. A. Bezuidenhout en die vier spelers Jean van Rensburg, Stefan de Beer, Jacques Theron en Kosie Sauer. Ons sê ook vaarwel aan Jean en Stefan en wens volgende jaar se span sterkte toe.

# AFFIES PAK LINDEN

**Affies** het sy trotse rekord op tennisgebied voortgesit deur vir die sesde keer uit die afgelope sewe jaar die finaal van die Administrateursbeker te haal. Hy het die beker reeds vier keer gewen. Voorwaar 'n uitsonderlike prestasie. Die Dinsdag van 24 Oktober was egter nie Affies se dag nie. Reeds met die enkelspel was Affies met 3-1 egter en slegs Jean van Rensburg kon sy enkelspel wen. Met die dubbelspel het Affies egter weer hoop gekry na Jean en Stefan die kombinasie van kragmuis en Ludick absoluut oorskadu het. Met die telling 3-2 vir Linden het Affies weer moed geskep. Jacques en Kosie het goed afgesit teen Linden se nommer twee paar maar het net-net in 3 stelle verloor. Linden was nou 4-2 voor en Affies moes die volgende 2 wedstryde wen om te wen. In 'n japtrap het Jean en Stefan met meesterlike spel Linden se volgende dubbelpaar afgeransel. Dit was duidelik dat Linden se spelers nie op dieselfde baan as hulle behoort het nie. Die telling was nou 4-3 in Linden se guns. Jacques en Kosie het hardnekkig vasgeskop en was baie ongelukkig om nie die eerste stel te wen nie. Daarmee het Linden dan ook die beker verower. Affies is geklop, maar beslis nie verneder nie.



# *Rugby sukses*

**Om die wit trui van Affies te dra, is en was nog altyd 'n groot eer en soos die kreet sê, bly Affies die gevreesde en almal wil Affies wen. Om Affies te wen, bly vir hulle 'n prestasie.**

Affies het weer eens die jaar getoon dat hy 'n krag in Pretoria en in Noord-Transvaal is. Dit het Affies bewys met 'n baie oortuigende oorwinning oor Monument Hoër van Krugersdorp, wat later die seisoen mede-wenners van die Administrateursbeker geword het.

Die jaarlikse wedstryde teen Boys High en Helpmekaar is albei deur Affies ingepalm.

Gedurende die ligaseisoen het Affies verloor teen Brits. John Voster, Verwoerdburg, Boys High en Overkruin is almal oortuigend geklop. 'n Feeswedstryd teen Menlopark wat gepaardgegaan het met die kermis, is ook deur Affies ingepalm met 'n telling van 11-0. 'n Ongelukkige nederlaag is gelei teen C.R. Swart. Dit het meegebring dat drie spanne gelyk was in die A-area waarvan Affies een was.

'n Spesiale woord van dank aan mnr. J. van Rensburg, 'n man wat glo dat jy fiks moet wees as jy wil rugby speel, vir wat u vir rugby, en dan in die besonder vir die eerstespan gedoen het. Aan die tweede span, baie dankie vir die oefeninge, julle was goeie teenstand. Dan aan al die spelers wat in die eerstespan gespeel het, baie dankie – dit was nie altyd so maklik nie, maar ons het die knopie deurgehaak.

Aan die wat agterbly kan ons net sê, hard oefen, julle het die potensiaal om die Administrateursbeker volgende jaar na Affies te bring.

Sterkte, ons weet julle kan dit doen!

# SPORTVROU VAN DIE TERMYN

**Ingrid de Loor, Affies se sportvrou van die termyn, neem reeds vandat sy in Graad I is aan gimnastiek deel – dit wil sê vir die afgelope elf jaar.**

Sy verwerf haar Noord-Transvaal kleure vir die eerste maal op agtjarige ouderdom. Die volgende jaar kry sy ook haar Westelike Provinsie-kleure.

Tot en met standerd 4 kry sy elke jaar Noord-Transvaalkleure. In 1975 gaan haar ouers oorsee. Hoewel Ingrid nog steeds gimnastiek gedoen het, het sy volgens haar, nie te goed presteer nie.

In 1977 keer haar ouers terug, maar sy doen daardie jaar nie gimnastiek nie omdat sy baie skoolwerk gehad het om in te haal.

In 1978 neem sy aan die 0/15 afdeling deel. Sy kom eerste op die Noord Transvaalse Noordsirkel – en Suid-Afrikaanse kampioenskappe.

In 1979 kom sy in die 0/19 afdeling derde op Noord-Transvaal en Noordsirkel en sesde op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe.

In 1980 behaal sy 'n baie goeie gemiddeld van 7,5 op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe – en dit nadat sy vir slegs ses weke aan 'n baie moeilike reeks geoefen het.

Sy oefen vier maal per week vir 'n gemiddeld van 3 uur elke dag by die Protea-Gimnastiekklub. Hierdie toegewydheid kon dan ook duidelik in haar prestasies gesien word.

Hoewel sy volgens haar, reeds 'n week voor 'n kompetisie nagmerries kry, kon die toeskouer geen teken van haar gespannendheid in haar bewegings sien nie.

Sy wil baie graag na matriek met gimnastiek aangaan. Haar grootste ideaal? "Om Springbokkleure te verwerf." Met haar vasberadenheid en toegewydheid is dit nie onmoontlik nie. Baie voorspoed vir die toekoms Inggrid!

Drie ander Affies het ook vanjaar hulle Noord-Transvaalllkleure in gimnastiek verwerf – Annemarie de Kock en Michelle Olivier in die 0/19 afdeling en Hanneke Gagiano in die 0/17 afdeling.

